# Lexikos  33(2)

# Lexikos  33(2)

## Rufus H. Gouws: 'n Huldeblyk A Tribute

*Redakteurs*
*Editors*

Ilse Feinauer

Amanda Marais

Marius Swart

African Association for Lexicography

BURO VAN DIE WAT

STELLENBOSCH

# Inhoud / Contents

**Artikels / Articles**

# Voorwoord

Ons kollega en vriend Rufus Gouws tree aan die einde van 2023 af ná 'n akademiese loopbaan van meer as 45 jaar. Dit is gebruiklik om ten tyde van so 'n aftrede 'n gedetailleerde lys van die betrokke kollega se pryse, toekennings, publikasies, nagraadse studente en dies meer te maak. Al hierdie inligting is reeds elders uitvoerig geboekstaaf, en in die geval Gouws is so 'n lys nie kort nie. Dit word dus nie hier herhaal nie.

Daar is egter twee aspekte van hierdie leksikograaf en taalkundige se loopbaan wat moontlik ook meer gepas is vir 'n afskeid van 'n jarelange kollega. Eerstens, die begin van die betrokke loopbaan.

Rufus vertel 'n keer in die personeelkamer dat hy tydens sy tyd aan die Universiteit van Suid-Afrika die eerste keer die taak opgelê is om 'n kursus aan te bied in wat vandag as leksikografie bekend staan. In daardie stadium was sy navorsingsfokusarea die Afrikaanse sintaksis. Na afloop van dié gesprek moes hy in 'n verklarende woordeboek gaan naslaan wat presies die woord beteken wat nou, bykans vyf dekades later, bykans 'n sinoniem vir sy werk geword het.

Tweedens behoort daar iets genoem te word oor nalatenskap. Rufus se eie werk en publikasies is reeds besonder indrukwekkend. In hierdie huldigingsuitgawe van *Lexikos* kom egter 'n bykomende dimensie daarvan na vore. Hier is naamlik al die tekens van die kundigheid en ook die menslikheid wat studente en kollegas in verskeie uithoeke van die wêreld geïnspireer het, en in die proses die leksikografiese tuiste inderdaad 'n huis met baie wonings gemaak het — 'n uitdrukking wat Rufus self graag gebruik.

Ons neem afskeid van jou, Rufus, op 'n manier wat hopelik iets vervat van toewyding, die erns en, as ons mag, die liefde wat jy vir die taalkunde, vir Afrikaans en natuurlik vir die leksikografie beliggaam. Jy skryf in 2012 'n artikel met die titel "Who can really be called a lexicographer?" en ons is van mening dat jy dit met meer as voldoende oortuiging beantwoord het. Geluk met 'n verbluffende loopbaan, dankie vir jou kollegialiteit, en net die beste wense vir jou aftrede.

Mag die welverdiende rus, soos jy dit sal stel, bloedstollend lekker wees.

Marius Swart, Ilse Feinauer en Amanda Marais
Redakteurs

# Foreword

Our colleague and friend Rufus Gouws is retiring at the end of 2023 after an academic career spanning more than 45 years. At this time, standard practice would entail making a detailed list of said colleague's prizes, awards, publications, postgraduate students, and the like. All of this information has been recorded extensively elsewhere, however, and in the Gouws case the list is not short. Therefore, we will not repeat it here.

However, there are two aspects of the career of this lexicographer and linguist that might be better suited to saying farewell to a colleague of so many years. Firstly, the start of it all.

In the staff room, Rufus once told us about his time at the University of South Africa, where he was first tasked with presenting a course on what is known today as lexicography. At that point, his research focus area was Afrikaans syntax. After the instruction to present this course, he had to use a dictionary to find the exact meaning of the word that now, five decades later, stands as a synonym to his work.

Secondly, there is the matter of heritage. Rufus's own work and publications are undoubtedly impressive. In this special issue of *Lexikos*, however, another dimension comes to the fore. Here we have the clearest of indications of the expertise and the humanity that have inspired students and colleagues from many parts of the world. The lexicographic world knows no borders, in large part thanks to Rufus.

We are saying farewell, Rufus, in a way that hopefully captures your dedication, your zeal and, if we may, your love for the study of language, for Afrikaans and, of course, for lexicography. In 2012 you wrote an article titled "Who can really be called a lexicographer?". We strongly believe that you have answered this question more than convincingly. Congratulations with your astounding career, thank you for your collegiality, and best wishes in your retirement.

May you enjoy your well-deserved rest, and perhaps also press some flowers.

Marius Swart, Ilse Feinauer and Amanda Marais
Editors

# Redaksionele doelstellings

*Lexikos* is 'n tydskrif vir die leksikografiese vakspesialis en word in die AFRI-LEX-reeks uitgegee. "AFRILEX" is 'n akroniem vir "leksikografie in en vir Afrika". Van die sesde uitgawe af dien *Lexikos* as die amptelike mondstuk van die *African Association for Lexicography* (AFRILEX), onder meer omdat die Buro van die WAT juis die uitgesproke doel met die uitgee van die AFRILEX-reeks gehad het om die stigting van so 'n leksikografiese vereniging vir Afrika te bevorder.

Die strewe van die AFRILEX-reeks is:

(1)    om 'n kommunikasiekanaal vir die nasionale en internasionale leksiko-grafiese gesprek te skep, en in die besonder die leksikografie in Afrika met sy ryk taleverskeidenheid te dien;

(2)    om die gesprek tussen leksikograwe onderling en tussen leksikograwe en taalkundiges te stimuleer;

(3)    om kontak met plaaslike en buitelandse leksikografiese projekte te bewerkstellig en te bevorder;

(4)    om die interdissiplinêre aard van die leksikografie, wat ook terreine soos die taalkunde, algemene taalwetenskap, leksikologie, rekenaarwetenskap, bestuurskunde, e.d. betrek, onder die algemene aandag te bring;

(5)    om beter samewerking op alle terreine van die leksikografie moontlik te maak en te koördineer, en

(6)    om die doelstellings van die *African Association for Lexicography* (AFRILEX) te bevorder.

Hierdie strewe van die AFRILEX-reeks sal deur die volgende gedien word:

(1)    Bydraes tot die leksikografiese gesprek word in die vaktydskrif *Lexikos* in die AFRILEX-reeks gepubliseer.

(2)    Monografiese en ander studies op hierdie terrein verskyn as afsonderlike publikasies in die AFRILEX-reeks.

(3)    Slegs bydraes wat streng vakgerig is en wat oor die suiwer leksikografie of die raakvlak tussen die leksikografie en ander verwante terreine handel, sal vir opname in die AFRILEX-reeks kwalifiseer.

(4)    Die wetenskaplike standaard van die bydraes sal gewaarborg word deur hulle aan 'n komitee van vakspesialiste van hoë akademiese aansien voor te lê vir anonieme keuring.

*Lexikos* sal jaarliks verskyn, terwyl verdienstelike monografiese studies sporadies en onder hulle eie titels in die AFRILEX-reeks uitgegee sal word.

# Editorial Objectives

*Lexikos* is a journal for the lexicographic specialist and is published in the AFRILEX Series. "AFRILEX" is an acronym for "lexicography in and for Africa". From the sixth issue, *Lexikos* serves as the official mouthpiece of the *African Association for Lexicography* (AFRILEX), amongst other reasons because the Bureau of the WAT had the express aim of promoting the establishment of such a lexicographic association for Africa with the publication of the AFRILEX Series.

The objectives of the AFRILEX Series are:

(1)    to create a vehicle for national and international discussion of lexicography, and in particular to serve lexicography in Africa with its rich variety of languages;
(2)    to stimulate discourse between lexicographers as well as between lexicographers and linguists;
(3)    to establish and promote contact with local and foreign lexicographic projects;
(4)    to focus general attention on the interdisciplinary nature of lexicography, which also involves fields such as linguistics, general linguistics, lexicology, computer science, management, etc.;
(5)    to further and coordinate cooperation in all fields of lexicography; and
(6)    to promote the aims of the *African Association for Lexicography* (AFRILEX).

These objectives of the AFRILEX Series will be served by the following:

(1)    Contributions to the lexicographic discussion will be published in the specialist journal *Lexikos* in the AFRILEX Series.
(2)    Monographic and other studies in this field will appear as separate publications in the AFRILEX Series.
(3)    Only subject-related contributions will qualify for publication in the AFRILEX Series. They can deal with pure lexicography or with the intersection between lexicography and other related fields.
(4)    Contributions are judged anonymously by a panel of highly-rated experts to guarantee their academic standard.

*Lexikos* will be published annually, but meritorious monographic studies will appear as separate publications in the AFRILEX Series.

# Voorlopige kriteria vir
# wie en wat die leksikograaf is

Marius Swart, *Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch, Suid-Afrika (mariusswart@sun.ac.za)*
en
André H. du Plessis, *Buro van die WAT, Stellenbosch, Suid-Afrika; Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch, Suid-Afrika (ahdp@sun.ac.za)*

**Opsomming:** Daar is verbasend min sistematiese akademiese ondersoek na wie presies leksikograwe is. Rufus Gouws wys hierdie problematiek reeds 'n dekade gelede uit. Gouws (2012) ondersoek nie net die aktiwiteite wat verband hou met Leksikografie nie, maar vra krities watter rolle die persone speel wat binne hierdie vakgebied bedrywig is. Gouws (ibid.) se bespreking lei af dat dit nodig is om ondubbelsinnige kriteria te ontwikkel vir wie 'n leksikograaf genoem kan word. Om hierdie kriteria te help ontwikkel, neem hierdie artikel die werk van Gouws onder die loep in die vorm van 'n gevallestudie met 'n onderliggende tematiese analise. Gouws se eie bydrae op metaleksikografiese vlak, maar ook tot die leksikografiese praktyk en leksikografie-opleiding, spreek vanself in terme van produktiwiteit, kundigheid en relevansie. Die gevallestudie behels 'n literatuuroorsig oor Gouws se navorsingsartikels uit die afgelope 10 jaar sedert die verskyning van die genoemde 2012-artikel. Die artikels is tematies ontleed en 'n stel rolle word afgelei wat algemeen blyk uit hierdie leksikografiese publikasies. Hierdie rolle of aktiwiteite word indringend bespreek, en uit die bespreking word uiteindelik 'n voorlopige stel kriteria afgelei vir wie 'n leksikograaf genoem kan word.

**Sleutelwoorde:** LEKSIKOGRAAF, METALEKSIKOGRAAF, WOORDEBOEKMAKER, PEDAGOOG, TAALKUNDIGE, TAALBURGERSKAP, AKTIVISME

**Abstract: Proposed Criteria for Being a Lexicographer.** There is surprisingly little systematic academic research on who exactly lexicographers are. This issue was identified a decade ago by Rufus Gouws. Gouws (2012) not only investigates the activities of those involved in Lexicography, but critically questions the roles of the active participants. Gouws (ibid.) concludes by emphasising that it is imperative to develop unambiguous criteria for who can be called a lexicographer. This article aims to help develop these criteria by placing the work of Gouws under the microscope in the form of a case study with an underlying thematic analysis. Gouws' own contributions to the meta- and practical lexicography, as well as to dictionary didactics and pedagogy, attests to his productivity, expertise and relevance. This case study includes a literature review of Gouws' research articles from the last 10 years since the publication of the 2012 article mentioned above. The articles are analysed thematically to deduce the general roles and activities of the lexicographer. These roles or activities are discussed incisively, and from this discussion, a set of tentative criteria is proposed for who can be called a lexicographer.

**Keywords:** LEXICOGRAPHER, METALEXICOGRAPHER, DICTIONARY MAKER, EDU-CATOR, LINGUIST, LINGUISTIC CITIZENSHIP, ACTIVISM

## 1.      Inleiding

Die leksikograaf is binne die leksikografie 'n noodwendigheid. Nieteenstaande hierdie logiese gegewe, is daar verbasend min sistematiese akademiese onder-soek na wie presies leksikograwe is, of, op die sosiologiese vlak, na die leksiko-graaf as sodanig. Die leksikograaf word in navorsing geïmpliseer, maar skynbaar selde bestudeer.

Hierdie onderbestudering van die leksikograaf in die leksikografie blyk 'n wydverspreide verskynsel te wees. In die gesaghebbende *Routledge Handbook of Lexicography* (Fuertes-Olivera 2018) is 47 hoofstukke, verdeel in 5 tematiese afdelings. Nie een van hierdie afdelings handel spesifiek oor die leksikograaf nie. Wat ondersoek word, is die basis van die leksikografie, die interdissipli-nêre aard daarvan, woordeboektipes, vernuwende woordeboeke, en die ver-band tussen die leksikografie, wêreldtale en die internet (ibid.). In nie een van die hoofstuktitels word die leksikograaf by name genoem nie.

Nog meer onlangs, in die *Bloomsbury Handbook of Lexicography* (Jackson 2022), is daar 24 hoofstukke in 3 tematiese afdelings. Heelwat word gesê oor die samestelling van woordeboeke of die leksikografiepraktyk as sodanig; die toe-koms van die leksikografie en woordeboeke word ook onder die loep geneem. Daar is egter ook hier geen bydrae wat spesifiek die leksikograaf as noodwen-dige betrokkene ondersoek of bespreek nie.

Hierdie vreemde verskynsel is nie beperk tot die hoofstroom- Engelse vakleksikografiese bronne nie. In De Gruyter se *Lexicographica. Series Maior* kom eweneens nie volumes voor wat spesifiek die leksikograaf sosiologies of sosiaal-maatskaplik ondersoek nie (vgl. die volledige lys hier: https://www.degruyter.com/serial/lexsm-b/html#volumes). In die afgelope 10 jaar het daar 21 boeke in hierdie gesaghebbende boekreeks verskyn, hoofsaaklik in Engels en Duits. Die hoofonderwerpe in hierdie boekreeks is die metaleksikografie (4 volumes), histo-riese ondersoeke (4 volumes), die semantiek of semiotiek (3 volumes) en die woorde-boekdidaktiek (3 volumes). Een boek noem samestellers van mediese woorde-boeke (McConchie 2019), maar verder maak die leksikograaf ook hier nie die onderwerp uit nie.

Rufus Gouws wys hierdie problematiek reeds 'n dekade gelede uit in 'n artikel in *Lexikos*. Volgens Gouws (2012: 218) bestryk mense se betrokkenheid by die leksikografie 'n wye verskeidenheid aktiwiteite. Hierdie mense het miskien te make met nietradisionele aktiwiteite soos die ontwikkeling van rekenaarpro-grammatuur, proefleeswerk en dies meer, asook die maak van nietradisionele — maar in wese leksikografiese — bronne soos ensiklopedieë (2012: 220-221), benewens die tradisionele maak van woordeboeke.

Die vraag is dan (ibid.) of hierdie mense wel "leksikograwe" genoem kan word. Volgens Gouws (2012: 223) kan énige iemand wat "woordeboeke skryf",

'n leksikograaf genoem word. Daar is byvoorbeeld diegene wat praktiese leksikografie beoefen sonder dat hulle enige teoretiese agtergrond het, diegene wat teoreties besig is sonder om praktiese werk te lewer, en 'n groep wat effe meer na een van hierdie kante neig hoewel hulle ook iets van die ander kant doen (Gouws 2006: 75).

Die saak word verder gekompliseer deur die opkoms in formele opleidingsprogramme — Gouws (2012: 219) vra of persone met hierdie opleiding "leksikograwe" is alvorens hulle self prakties aan woordeboekprojekte gewerk het. Hierin word dus 'n tweedeling geïmpliseer: Daar kan iets soos 'n "praktiese leksikograaf" wees, en ook iets soos 'n "teoretiese leksikograaf". Volgens Gouws (ibid.) vorm hierdie onderskeid in wese twee hoofkomponente van die leksikografie.

As daar vir 'n oomblik afgestap word van woordeboeke en soortgelyke leksikografiese hulpbronne, kom 'n volgende verklaring van hierdie problematiek na vore. Gouws (2012: 222) wys daarop dat daar ook mense is wat handboeke oor die leksikografie skryf, akademiese navorsing daaroor doen en publiseer, en teoretiese modelle vir die maak van woordeboeke ontwikkel. Hierbenewens is hierdie mense tipies by onderrig en opleiding betrokke (ibid.). Is hulle leksikograwe? Gouws (ibid.) noem hierdie mense "metaleksikograwe", maar wys ook dadelik op die feit dat dit onduidelik is watter kriteria eintlik geld om iemand 'n "metaleksikograaf" te kan noem, net soos met "leksikograaf" hierbo. Verder is daar ook nog vrae oor die graad van direkte betrokkenheid by 'n woordeboekprojek wat 'n hiërargie impliseer (Gouws 2012: 223-224).

Dit is vervolgens, volgens Gouws (2012: 224-225), nodig om ondubbelsinnige kriteria te ontwikkel vir wie 'n leksikograaf genoem kan word, omdat hierdie gebrek aan kriteria potensieel die ontwikkeling van die vakgebied aan bande kan lê.

Om hierdie kriteria te help ontwikkel, neem hierdie artikel vir Rufus Gouws onder die loep in die vorm van 'n gevallestudie met 'n onderliggende tematiese analise. Die aanname word eerstens gemaak dat Rufus Gouws wel 'n leksikograaf genoem kan word. Gouws se eie bydrae tot die leksikografie, op metaleksikografiese en teoretiese vlak, maar ook tot die leksikografiese praktyk en leksikografie-opleiding, spreek vanself in terme van produktiwiteit, kundigheid en relevansie. Hy publiseer meer as 200 navorsingsartikels en boekhoofstukke, en meer as 20 boeke, benewens die meer as 100 vakkundige referate wat hy al gelewer het en sy groot getalle afgestudeerde nagraadse studente (*LitNet* 2022), baie van laasgenoemde ook op hulle beurt ten nouste in die leksikografie betrokke.

Die gevallestudie behels 'n literatuuroorsig oor Gouws se navorsingsartikels uit die afgelope 10 jaar sedert die verskyning van die 2012-artikel waarin hy vra wie 'n leksikograaf genoem kan word. Alle artikels waarin hy alleen- of mede-outeur was en wat in geakkrediteerde akademiese tydskrifte verskyn het, is in die ondersoek ingesluit. Die artikels is tematies ontleed en 'n stel rolle word daargestel wat algemeen blyk uit hierdie leksikografiese publikasies. Hierdie rolle of aktiwiteite word indringend bespreek, en uit die bespreking

word uiteindelik 'n voorlopige stel kriteria afgelei vir wie 'n leksikograaf genoem kan word. Hierdie kriteria word voorgestel om die gaping te help vul wat Gouws 10 jaar gelede uitgewys het.

## 2.    Die leksikograaf as woordeboekmaker of leksikografiese praktisyn

In die ontwikkeling, vestiging en voortdurende verandering van die leksikografiepraktyk staan die mense wat in hierdie praktyk werk sentraal, hoewel hulle, soos later bespreek, nie naastenby die nodige akademiese bestudering ondergaan nie. Sonder die maker van 'n leksikografiese produk, kan daar nie 'n produk of praktyk wees nie. Gouws (2016a; 2017: 135) wys dat die leksikografiepraktyk veel ouer as die teorie is en dat die ontwikkeling van die praktyk gekenmerk word deur ingrypende aanpassings en verskeie beduidende oorgange, soos die oorgang van primitiewe woordeboeke op kleitablette en perkament na gedrukte boeke en uiteindelik gevorderde elektroniese produkte.

Een oorgang waarvan die impak nooit geminag mag word nie, is, volgens Gouws (2017: 135), die oorgang vanaf die tematiese na die alfabetiese ordening in woordeboeke. Hierdie oorgang "was […] nie net 'n oorgang met betrekking tot 'n ordeningsmetode nie, maar ook 'n oorgang in die manier waarop woordeboeke as houers van kennis gesien, beplan en saamgestel is" (ibid.). In die aanvang van die leksikografiepraktyk het woordeboekmakers slegs gepoog om die taal vas te vang en weer te gee, terwyl die tematiese geordendheid van vroeë woordeboeke, veral in die Middeleeue, ook kennis oorgedra het (Gouws 2016b: 358). Die skolastici wat die praktyk aanvanklik ontgin het, wou "kennis organiseer, sorteer en klassifiseer, en hulle het gepoog om die sogenaamde *omne scibile* (= alles wat wetenswaardig is) vas te vang" (Gouws 2016b: 358). Hierdie oordrag van wetenswaardige kennis is steeds 'n belangrike mandaat in die moderne leksikografiese praktyk, maar die taalkundige en leksikografiese behoeftes van die gebruiker is die eerste prioriteit. Die evolusie van die praktyk het, saam met die uiteindelike vestiging van die metaleksikografie en die onlangse digitale revolusie, vir, *inter alia*, woordeboektipologieë, spesifieke teikengebruikers en sinvolle raamwerke of riglyne vir die saamstel van woordeboeke gesorg (vgl. Gouws 2015a, 2016a, 2018b). Dit is hierdie dinamiese, veranderlike aard van die praktyk, sowel as die teorie, wat veroorsaak dat die leksikograaf telkens aanpasbaar moet wees (Gouws 2018c: 225) en nie los van die leksikografiese praktyk kan staan nie.

Gouws (2020b: 4) beklemtoon dat 'n goeie woordeboek gekenmerk word deur die getroue uitoefening en nakoming van 'n deurdagte, sistematiese woordeboekplan, veral een wat op gevestigde metaleksikografiese modelle of beginsels berus[1]. Dit beteken dat die leksikograaf, ongeag die medium, telkens bewus moet wees van die besondere kenmerke van die beplande woordeboek, soos die funksies, inhoud en struktuur, asook die teikengebruikers wat daardie woordeboek moet raadpleeg, en hulle behoeftes (Gouws 2018c: 226; 2022b: 97). 'n Leksikograaf wat bewus is van veral woordeboekstrukture, en die verskeie

maniere om hulle te gebruik, sal aldus Gouws (2022a: 113) 'n beter woordeboek skep wat data toegankliker vir die gebruiker maak (vgl. ook Gouws 2018c).

Praktiese leksikograwe neem té gereeld nie kennis van die diverse strukture wat in woordeboeke gebruik (kan) word nie (Tarp en Gouws 2020). Daar word dikwels net op enkele strukture soos die makro- of mikrostruktuur gefikseer (ibid.). Die aanbieding van en toegang tot data in 'n leksikografiese produk is egter 'n bepalende faktor in die geslaagdheid daarvan, nie net vir die gebruiker nie maar ook vir die leksikograaf. Woordeboeke is mensgerigte gebruiksinstrumente wat so ontwerp moet wees dat dit die mens wat dit uiteindelik gebruik, se behoeftes kan bevredig (Tarp en Gouws 2020: 472; Bothma en Gouws 2022). Dit is fundamenteel dat 'n leksikograaf noukeurig moet wees in die sifting, opneem en aanbieding van data in 'n woordeboek, juis sodat die gebruiker nie die skuld kry as 'n hulle nie die nodige inligting kan opspoor of onttrek uit die woordeboek nie (Tarp en Gouws 2020: 494-495). Byvoorbeeld, selfs iets so elementêr soos die aanbieding van sinonieme in tweetalige woordeboeke moet van so 'n aard wees dat die gebruiker binne die bepaalde konteks maklik en vinnig die gepaste sinoniem moet kan opspoor (Gouws 2013a: 347). Gebrekkige data-aanbieding of toegangsroetes kan 'n gebruiker frustreer, in die verleentheid laat, of die raadplegingsproses onnodig vertraag (vgl. Gouws 2018a). Dit geld nie net vir die data wat in die sentrale teks, die data tipies tussen die alfabettrajekte van A tot Z, opgeneem is nie. Gouws (2018a: 186-187) stel daarom tereg die volgende:

> [I]n die benutting van leksikografiese korpora, die saamstel van die databasis en die ontrekking van data aan die databasis om as aanduiders in woordeboekartikels of inskrywings in buitekomponente te dien, speel die leksikograaf die bepalende rol. Die leksikograaf maak naamlik die keuse, weliswaar gebaseer op die vasgestelde behoeftes van 'n geïdentifiseerde teikengebruiker. In gedrukte woordeboeke is daar 'n vaste en statiese verhouding tussen gebruiker en leksikograaf met 'n eenrigtingverskaffing van data. [...] Vir woordeboeke in die dinamiese aanlyn omgewing word 'n vergelykbare verhouding gehandhaaf van die leksikograaf wat die verskaffer van data is deur keuses uit 'n korpus te maak en met behulp van 'n spesifieke databasisprogram die data 'n neerslagplek in woordeboekartikels of in buitekomponente te laat vind.

Verder voer Klosa en Gouws (2015: 171) aan dat die leksikograaf nie net op die woordeboekdata en die aanbieding van daardie data kan fokus nie, maar dat die skakels na relevante eksterne bronne of data 'n noodsaaklikheid word. Gouws (2021b: 61) eggo hierdie gedagte ten opsigte van woordeboekportale: "die toegang tot en benutting van ander woordeboeke in dieselfde soekportaal stel gebruikers aan bykomende leksikografiese data bekend, maar 'n nog belangriker aspek is die toegang tot nieleksikografiese bronne soos die internet." Begrip van en kundigheid oor leksikografiese sowel as nieleksikografiese data is daarom uiters belangrik in die samestelling van enige leksikografiese produk — dit is 'n grondbeginsel waarvolgens die praktiese leksikograaf moet werk. Bothma en Gouws (2022: 54) noem dat dit dikwels die ekstra-leksikografiese

situasies is waarin gebruikers hulle bevind wat maak dat daar verskillende raadplegingsprosedures gevolg word. Soos genoem, moet die leksikograaf bewus wees van die raadplegingsprosedures van gebruikers maar ook van die navorsingsmoontlikhede wat 'n bepaalde produk kan bied. Die leksikograaf moet juis in die digitale era waar gebruikers maklik oorweldig kan word deur data-oorlading (vgl. Gouws en Tarp 2017), noukeurig met eksterne materiaal omgaan om uiteindelik die minder kundige of bekwame gebruiker ter wille te wees.

Gouws en Tarp (2017: 391) wys daarop dat die voortdurende vooruitgang van moderne tegnologie en die oorgang na elektroniese media, nuwe werktuie en werksmetodes inlei vir die skep, aanbieding of ontwikkeling van leksikografiese produkte of platforms. Die feit dat daar in die onlangse verlede, eintlik steeds, te veel e-woordeboeke is wat nie na wense is nie, dui daarop dat die leksikograaf nie meer net op die erkende of tradisionele leksikografiese proses of tendense steun nie (vgl. Gouws 2014a; Tarp en Gouws 2020). Gouws (2018c: 226) noem dat wanneer die aanlyn leksikografie betrek word, die bestaande leksikografiese praktyke en teorieë wat hoofsaaklik vir gedrukte woordeboeke geskik is steeds gebruik word, maar dit word telkens aangepas of verfyn. Die moderne praktyk dwing die leksikograaf om meer as net woordeboekmaker te wees: Hy of sy moet ook iets weet van koppelvlakontwerp, elektroniese korpusse, taaltegnologie, die bruikbaarheidsbenadering ten opsigte van rekenaars en selfone, en programmatuur (vgl. Bergenholtz et al. 2015, asook afdeling 4). Aangesien tegnologiese innovasie eksponensieel ontwikkel, word hierdie kundigheid en die diversiteit van die leksikograaf se vaardigheid al hoe belangriker (Gouws en Tarp 2017: 391). Die leksikograaf moet bewus wees van die moderne gebruiker se vaardighede en verwagtinge, want gebruikers in die "digitale samelewing" is gewoond daaraan om inligting amper onmiddellik en op verskillende maniere te bekom (Bothma en Gouws 2020: 49). Die feit dat toekomstige gebruikers grotendeels sogenaamde "digital natives" gaan wees, beklemtoon weereens dat die (moderne) leksikograaf meer bedrewe as hulle voorgangers moet wees, veral om die aanbiedingsruimte en toegangsmoontlikhede van die aanlyn of elektroniese omgewing werklik te benut (ibid.). Gouws (2018a: 180) se punt dat woordeboeke werktuie moet wees waarmee lede van veral Generasie Z inligting kan bekom wat aan hulle leksikografiese behoeftes voldoen, is daarom 'n leuse vir die huidige en toekomstige leksikografiese praktyk.

As leksikograwe weet dat hulle teikengebruikers die nodige raadplegingsvaardighede het om hulle woordeboeke te kan gebruik, sal, volgens Tarp en Gouws (2020: 494), 'n woordeboekkultuur in swang wees. Hierdie idee is nie noodwendig in die praktyk verwesenlik nie. Daar bestaan telkens 'n skeiding tussen die leksikograaf en die gebruiker, juis omdat daar verwag word dat die leksikograaf verantwoordelik moet wees vir die maak van die produk en die teikengebruiker vir die gebruik daarvan, ongeag hoe goed of swak die produk en die gebruiker se vaardighede is (Tarp en Gouws 2020: 494). Volgens Gouws (2016b: 361) blyk dit in die (onlangse) leksikografiese praktyk dat die teiken-

gebruikers van 'n woordeboek ook die geleentheid gegun word om deel te neem aan die leksikografiese proses, veral "vir die daarstelling van 'n woordeboek wat op hulle behoeftes gerig is." Bergenholtz et al. (2015: 5) suggereer dat die leksikograaf self ook 'n ervare woordeboekgebruiker is en daarteenoor dat ervare en ingeligte gebruikers hulle ook van die taak van die leksikograaf kan vergewis.

Die leksikografie hoef dus nie altyd beperk te word tot die werk van opgeleide spesialiste nie. Die gebruiker as leksikografiese deelnemer kan die praktyk sowel as die vakgebied verryk. Volgens Gouws (2016b: 361) kan gebruikers besluit om 'n bepaalde woordeboek te maak, of die behoeftes van 'n bepaalde taalgemeenskap of gebruikersgroep noop iemand wat nie 'n opgeleide leksikograaf is nie, om aan die samestelling van 'n woordeboek te begin werk (vgl. ook Gouws 2018a: 189). Dit is sigbaar in projekte soos die *Urban Dictionary* (https://www.urbandictionary.com/) wat volledig deur gebruikers aanlyn saamgestel en onderhou word, of die *N|uu–Nama–Afrikaans–Engels-Woordeboek* (Sands en Jones 2022) wat grootliks deur of met behulp van die N|uu- en Nama-taalgemeenskap saamgestel is. Selfs 'n leksikografiese baanbreker soos die *Woordeboek van die Afrikaans Taal* sou nie sonder die hulp van sy taalgemeenskap en gebruikers kon ontstaan en voortbestaan nie (vgl. Gouws 2021a). Gouws (2016b: 361) noem dat hierdie soort woordeboeke (veral in Afrikaans) as "leksikografiese monumente" gesien kan word en dat hierdie bydraes tot die leksikografiese praktyk nooit onderskat mag word nie.

## 3.     Die leksikograaf as teoretikus en akademiese navorser

Soos reeds bepaal is die leksikografiese praktyk veel ouer as die teorie. Die praktyk het in 'n pre-teoretiese era ontstaan met die nagevolg dat die teorie, oftewel die metaleksikografie, as deel van die breër vakgebied, telkens die praktyk moes inhaal, of dat die teorie grotendeels slegs deur die praktyk beïnvloed is (Klosa en Gouws 2015: 143). Dit is byvoorbeeld sigbaar in die terminologie wat in die praktyk geskep is of die tipologiese onderverdeling van woordeboeke wat uit die praktyk ontstaan het en vandag steeds met vrug in die teorie gebruik word, hoewel dit soms onakkuraat of onkrities gehandhaaf word (Gouws 2015a: 345). Gouws (2016a: 104) noem verder dat daar, met dié dat die praktyk veel ouer as die teorie is, talle aanpassings was wat uitsluitlik op die praktyk gerig en deur praktiese behoeftes bepaal is. In ander gevalle het die leksikografieteorie, of minstens bepaalde vroeë teoretiese insigte, wel 'n rol gespeel. Samuel Johnson se preskriptiewe benadering tot sy *A Dictionary of the English Language* (1755) is, volgens Gouws (2016a: 105), 'n vroeë voorbeeld van waar die teorie uiteindelik die praktyk begin beïnvloed het. Met die vestiging van die leksikografie as dissipline in eie reg (nie as bv. onderafdeling van die taalkunde nie — vgl. Zgusta 1971 en Wiegand 1996), het die metaleksikografie ook erkenning en vergestalting gekry. Daar is wel uiteraard steeds oorvleueling tussen die taalkunde en leksikografie, maar die begrippe of konsepte word

dikwels anders geïnterpreteer of toegepas, en die leksikograaf moet telkens besluit watter interpretasie geldig is (Bergenholtz en Gouws 2013b: 1-2).

Volgens Wiegand et al. (in Gouws 2020b: 3) is die metaleksikografie die oorkoepelende teoretiese domein van die leksikografie wat die teoretiese grondslag vir alle leksikografiese aktiwiteite en prosesse omvat. Gouws (2018a: 180) lys enkele verskillende afdelings van die metaleksikografie, naamlik historiese woordeboeknavorsing, navorsing oor woordeboekkritiek, navorsing oor woordeboekgebruik en sistematiese woordeboeknavorsing. Die metaleksikografie betrek dus, onder andere, navorsing oor al die onderskeie leksikografiese aktiwiteite en prosesse, navorsing oor en opnames van die geskiedenis van die vakgebied, die bestudering van woordeboekgebruikers, asook die kritiese beskouing en beoordeling van die praktyk as geheel en leksikografiese produkte wat daaruit voortvloei (vgl. ook Bergenholtz en Gouws 2016; Gouws 2018b, 2020a).

Dit is ook in die metaleksikografie waar twee van die bekendste en mees gesaghebbende leksikografiese teorieë ontwikkel, verfyn en toegepas word, nl. die Algemene Leksikografieteorie (vgl. Wiegand 1996) en die Funksieteorie (vgl. Tarp 2013). Teoretiese modelle vir navorsing oor of met woordeboeke, of vir die samestelling van bepaalde leksikografiese produkte, berus gereeld op dié twee teorieë en hierdie teorieë word ook tipies aangepas om 'n verskeidenheid leksikografiese probleme te probeer oplos (vgl. Faaß et al. 2014, Gouws 2014a, 2014b, 2018a, en Gouws en Prinsloo 2021a, 2021b). Vanweë hierdie wesenlike rol wat teorie, navorsing en kritiese beoordeling en beskouing in die leksikografie speel, kan daar geargumenteer word dat allerlei teoretici, kritici en navorsers ook leksikograwe kan wees.

In afdeling 5 en 6 word die leksikograaf as pedagoog en taalkundige bespreek. Hierdie rolle oorvleuel in 'n mate met die leksikograaf se rol as teoretikus, veral ten opsigte van die nodige teoretiese kennis en kundigheid rondom die spesialiteitsgebied van die leksikografie. Gouws (2018b) noem tereg dat daar in leksikografiekursusse, tipies op universiteit, 'n aanslag moet wees wat wyer strek as die eng taalkundige blik op woordeboeke. Verder stel Gouws (ibid.) weer dat beplanning en samestelling van woordeboeke nie sonder die nodige teoretiese basis en kundigheid suksesvol kan wees nie. Klosa en Gouws (2015: 164) is daarvan oortuig dat metaleksikograwe verantwoordelik is vir die formulering van teoretiese benaderinge wat die praktyk uiteindelik kan bevoordeel. Dit is ook vanuit die metaleksikografie dat die belang van die identifisering van 'n teikengebruikersgroep en die vasstelling van die leksikografiese behoeftes en naslaanvaardighede van daardie groep as voorvereistes gestel word om uiteindelik suksesvolle woordeboekgebruik te help verseker (Gouws 2016a: 110). Dit geld ook vir woordeboekstrukture (vgl. o.a. Gouws 2018a) en die aanbieding van data m.b.v. daardie strukture (vgl. Gouws en Tarp 2017). Woordeboeke met 'n teoretiese basis is daarom, volgens Gouws (2014b: 483), beter gebruiksinstrumente, en hierdie woordeboeke is streng gerig op die bevrediging van gebruikers se behoeftes.

Dit is egter problematies dat daar steeds woordeboeke of ander leksiko-grafiese produkte ontstaan wat geen teoretiese onderbou het nie, of dat daar produkte is wat té gespesialiseerd is en so ook die (leke)gebruiker in die steek laat (vgl. Gouws 2020a, 2020b). Die belang van navorsing oor en die beplanning en implementering van 'n woordeboekkultuur kan vir die gebruik van en die begrip oor leksikografiese produkte nie onderskat word nie — dit is 'n formele komponent van die metaleksikografie (Gouws 2020b: 5). Die wisselwerking tussen die teorie en die praktyk kan ook daarom nie misken word nie, maar die onus lê by die diegene wat hul met die formulering van die leksikografieteorie bemoei. Gouws (2018a: 179) beklemtoon dat vernuwende denke daarop gerig moet wees om gebruikers en potensiële gebruikers daarvan bewus te hou dat woordeboeke steeds voorkeurbronne vir die oplossing van bepaalde probleem-tipes kan wees.

Soos die praktyk verander en aanpas, so moet die metaleksikografie ook daarby aanpas en voortuitgang maak. Die aanvang van die digitale era het in hierdie verband ernstige implikasies vir die metaleksikograaf (vgl. Gouws 2021a: 1159). Die vroeë ontwikkeling van die aanlyn leksikografie het ongelukkig die pre-teoretiese tydperk van gedrukte woordeboeke nagevolg. Die samestellers van die eerste elektroniese en aanlyn woordeboeke was só ingenome met die moontlikhede van die e-omgewing dat hulle telkens vergeet het van die nodige teoretiese onderbou vir hulle produkte (Klosa en Gouws 2015: 143). Gedrukte woordeboeke, anders as elektroniese woordeboeke, is reeds enigsins verouderd wanneer hulle verskyn (Gouws 2022b: 119). Die teorieë en modelle wat vir e-woordeboeke geld, hoef nie dieselfde roete te volg nie. Al is die gevestigde metaleksikografie op gedrukte woordeboeke gerig, kan metaleksikograwe besluit of hulle hierdie teorieë en modelle vir die e-omgewing kan aan- en toepas, en of daar sal moet besin word of 'n nuwe teoretiese rigting ingeslaan moet word wat slegs geld vir e-produkte (Gouws 2022a: 114). Klosa en Gouws (2015: 143) voel sterk dat die metaleksikografie en metaleksikograwe, ongeag die verkose benadering, pro-aktief moet wees binne die e-omgewing, juis sodat leksikogra-fiese teorie nie weer net "a follower and not a leader" word nie. Gouws (2022a: 112) verduidelik dat daar wel onlangs vordering gemaak is op hierdie front, maar dat aan die een kant, metaleksikograwe nog nie oral die nuwe moontlikhede wat die e-omgewing aanbied, aangegryp het nie, en dat daar aan die ander kant nog nie sinvol oor die innoverende ondernemings in die praktyk nage-dink is nie.

Bothma en Gouws (2020: 53) stel dat dit vanuit 'n leksikografiese perspek-tief duidelik is dat die dinamika van die e-omgewing metaleksikograwe dwing om noukeurig te besin oor die aard en omvang van die relevante leksikogra-fiese prosesse. Dit is reeds sigbaar wanneer die strategieë wat leksikograwe wat e-woordeboeke saamstel en bestudeer, onder die loep geneem word (vgl. Gouws 2014a). 'n Voorbeeld hiervan is die ontwerp en publisering van selfoonwoorde-boeke. Gouws (2016a: 108) demonstreer dat aanlyn woordeboeke wat saam-gestel word met die oog op 'n slimfoon as werktuig se struktuur sal verskil van

dié van 'n woordeboek wat met behulp van 'n rekenaar geraadpleeg word. Hier word bestaande strukture aangepas en verfyn vir 'n baie spesifieke soort werktuig en gebruiker.

Die metaleksikograaf se taak is juis om hierdie nuwe aanpassings in die teorie verder te ontwikkel en omskryf, sodat toekomstige of soortgelyke produkte bevredigend en suksesvol gebruik kan word. Die voortdurende verandering van tegnologie vereis dat die moderne metaleksikograaf ook soos hulle praktiese teenhanger interdissiplinêr te werk moet gaan. Kundigheid oor bv. die rekenaarwetenskap of van bruikbaarheidsbenaderinge is belangrik vir die suksesvolle aanpassing en toepassing van leksikografiese modelle, benaderinge en teorieë in die moderne en toekomstige leksikografiese milieu (vgl. Tarp en Gouws 2020). Die metaleksikografie moet nie medium-spesifiek wees nie. Klosa en Gouws (2015: 144) sluit hierby aan deur aan te voer dat die suksesvolle aanpassing van die (algemene) leksikografieteorie noodsaaklik is vir die uitdagings en vereistes van die e-praktyk, en sodat die metaleksikograaf in 'n posisie is om nuwe en vindingryke maniere aan te beveel vir die beplanning en samestelling van elektroniese leksikografiese produkte.

## 4.    Die leksikograaf as medewerker

'n Wesenskenmerk van die kontemporêre leksikografie is waarskynlik dat diegene wat by die maak van woordeboeke betrokke is, ook nie in isolasie werk nie. Die maak van leksikografiese hulpbronne berus nie by een individu nie, maar kan spanne mense insluit met verskillende kennisvelde, vaardighede en fokuspunte. Tarp en Gouws (2020: 496) verwys na kenners soos inligtingsingenieurs, programmeerders, ontwerpers, gebruikstoetsers en so meer, en bepleit 'n situasie waar hierdie samewerking die norm word. Spanwerk en samewerking is in die digitale era meer as ooit tevore 'n voorvereiste vir suksesvolle leksikografiese werk (Tarp en Gouws 2019: 266).

Gouws (2022b: 97) beklemtoon ook die belang van hierdie wesenlik interdissiplinêre interaksie tussen die metaleksikografie en velde soos die rekenaarwetenskap. Leksikograwe werk saam met vakkundiges uit hierdie veld (ibid.) om woordeboeke te maak, maar hierdie samewerking is ook in die beplanningsfase, oftewel metaleksikografies, belangrik. In die metaleksikografie word onder meer op woordeboekelemente se inhoud en leksikografiese funksie gefokus, wat hierdie interaksie en samewerking se belang beklemtoon (Gouws 2022a: 112). Selfs iets soos grafika is byvoorbeeld van belang — as 'n leksikografiese instrument — en daarom moet die leksikograaf ook by die ontwerp daarvan inspraak hê sodat dit nie bloot aan uitgewers oorgelaat word nie (Gouws et al. 2014: 37).

Dit is egter nie net eenrigtingverkeer waardeur 'n metaleksikografiese oriëntasie kan bydra tot die woordeboekproduk en produksieproses nie. Gouws (2018a: 188) wys uit dat daar ook op grond van ontwikkelinge in die verwante dissiplines, soos die inligtingwetenskap, nuwe werkswyses ontwikkel kan word binne die metaleksikografiese omgewing. Dit kan bydra tot die ontwik-

keling van nuwe stelsels en praktyke (Bothma en Gouws 2020: 54).

Hierdie interdissiplinariteit is in die geval van moderne leksikografiese produkte 'n noodwendigheid (Tarp en Gouws 2020: 476). Benewens mede-kundiges, is daar boonop in die hedendaagse aanlyn omgewing ook die moontlikheid vir deurlopende en oombliklike gebruikerskommentaar en -terugvoer. Hierdie terugvoer kan vinnig ingesamel word en selfs tydens die maak van die woordeboek reeds in ag geneem word (Gouws 2016b: 361).

Hierdie interdissiplinêre tweerigtingverkeer en uiteindelike multidissiplinariteit dra daartoe by dat gebruikers se behoeftes in 'n verskeidenheid kommunikatiewe situasies bevredig kan word. Aangesien die leksikografie primêr gemoeid is met inligtingshulpbronne met data vir gebruikers in kommunikatiewe situasies (Bergenholtz et al. 2015: 3), dien hierdie prosesse en samewerking duidelik en ondubbelsinnig die oorhoofse doel van die leksikografie.

## 5.    Die leksikograaf as pedagoog

Volgens Gouws (2018b) is die woordeboekdidaktiek 'n belangrike element van 'n omvattende woordeboekkultuur, en moet woordeboekgebruik binne so 'n kultuur op 'n praktiese wyse onderrig word, aangesien woordeboeke in wese praktiese gebruiksinstrumente is. Die doelwit hiermee is nie net die bevordering van praktiese woordeboekgebruik as sodanig nie, maar ook die beplanning van 'n geskikte kurrikulum (ibid.).

Leksikografiese onderrig, net soos die leksikografie self en die aard van die leksikograaf, is 'n veelvlakkige saak. Dit kan hoofsaaklik verdeel word in die onderrig van nuwe leksikograwe en die onderrig van woordeboekgebruikers.

In die eerste geval, die onderrig van nuwe leksikograwe, moet 'n leksikografiekursus ten eerste 'n oorsig bevat van ontwikkelinge in die praktiese sowel as die teoretiese leksikografie (Gouws 2018b). Daar moet van 'n algemene leksikografieteorie gebruik gemaak word, wat volgens Gouws (2018b) ook belangrik is by die skakeling van die leksikografie-opleiding as sodanig met verwante vakgebiede soos die breëre taalkunde en die inligtingwetenskap.

'n Groot komponent van Gouws se werk fokus egter ook op die tweede deel, naamlik die onderrig van (veral nuwe) woordeboekgebruikers as onderdeel van die ontwikkeling van 'n nasionale (en omvattende) woordeboekkultuur. Hierdie onderrig moet eerstens wyer strek as die tradisionele gedrukte woordeboek (of elektroniese weergawes van hierdie soort produk), want daar is 'n groot verskeidenheid aanlyn hulpbronne wat as nietradisionele woordeboeke getipeer kan word. Volgens Gouws (2016a: 118) moet woordeboekvaardighede ook opleiding in die gebruik van hierdie andersoortige aanlyn naslaanbronne bewerkstellig; verder moet dit nie aan 'n enkele medium gekoppel (hoef te) word nie, en hier is die waarde van 'n algemene leksikografieteorie weereens ooglopend (Gouws 2018b). Sodanige opleiding moet verder veral ook tred hou met die gebruiker se behoeftes: Gouws et al. (2014: 38) beklemtoon byvoor-

beeld dat daar nie sommer net gebrekkige inligting in 'n woordeboek gegee kan word omdat dit byvoorbeeld op grondslagfaseleerders gemik is nie.

In hierdie soort ideale situasie wat deur Gouws et al. (2014) geskets word, moet die persoon wat ander opvoed in woordeboekgebruik, byvoorbeeld onderwysers en dosente, ook bekend wees met die eiesoortige kenmerke of eienskappe van die woordeboeke ter sprake. Hulle leer studente en skoolkinders nie soseer die inhoud van die woordeboek nie, maar eintlik 'n stel navorsings- en naslaanvaardighede wat uiteindelik aanleiding gee tot suksesvolle woordeboekgebruik, en potensieel tot meer geslaagde navorsing as sodanig. Om hierdie rede is dit onontbeerlik dat hierdie opvoeders en dosente sélf ook goed onderlê moet wees in die leksikografie (Gouws et al. 2014).

Selfs so vroeg as in die grondslagfase waar leerders heel moontlik die eerste keer met woordeboeke kennis maak, is dus 'n groter onderliggende proses in werking wat berus op die kundigheid van die opleier. Gouws et al. (2014: 40-41) sit uiteen hoe 'n benadering wat kinders reeds hier op 'n goed-gefundeerde en kundige manier aan woordeboeke bekendstel, nie net oor woordeboeke as sodanig gaan nie — dit gaan weliswaar oor die woordeboek as 'n integrale deel in die lewenslange leerproses.

Dit blyk ooglopend uit Gouws se gepubliseerde navorsing dat die rol van pedagoog 'n belangrike element van die leksikograaf se taak is, hetsy vir die opleiding van 'n volgende generasie praktiese of teoretiese leksikograwe, of vir die opleiding van die gebruikers en die vestiging van 'n woordeboekkultuur.

## 6.     Die leksikograaf as taalkundige en linguis

In een van sy mees onlangse artikels skryf Gouws (2022b) onderhoudend oor ruimtelike en temporele deiktiese verankering in die leksikografie. Hierdie soort navorsing beklemtoon die feit dat die leksikograaf ook tipies 'n spreekwoordelike klap van die taalkunde weg het, hetsy taalwetenskaplik (algemeen) of taalkundig (van 'n spesifieke taalkunde), wat vir die doeleindes van hierdie rolbeskrywing saamgegroepeer kan word. Woordeboeke bestaan uit materiaal wat as taalkundige data geklassifiseer kan word, maar volgens Gouws (2022b: 98) sluit dit hierbenewens ook in die benutting, in leksikografiese vorm, van die taalkunde se begrippe-apparaat, veral in die "meta-taal" (2022b: 99) van woordeboeke.

Dit is uiteraard belangrik dat diegene wat hulle met die leksikografie besig hou, bepaalde taal- en taalkundekennis moet hê — Gouws (2022b: 98) noem samewerking tussen die linguistiek en die leksikografie "noodsaaklik". Daar moet byvoorbeeld sinchronies en diachronies na taalgebruik gekyk (kan) word (Gouws 2013b: 138). Sekere begrippe uit die taalkunde staan ook sentraal in die leksikografie, waarvan polisemie en homonimie sekerlik van die bekendstes is. Gouws (2018b) beskou hierdie soort inhoude as onontbeerlike kennis vir leksikografiestudente. Hierdie soort begrippe word ook in die leksikografie geproblematiseer en verryk (Bergenholtz en Gouws 2017) en voed daardeur weer die

taalkundekennis — die leksikografie voed uiteindelik ook die linguistiek.

Die taalkundige omgewing binne die woordeboek is vervolgens ooglopend belangrik vir die woorde daarin. Die leksikograaf moet egter nie net na woorde as sodanig kyk nie, maar ook na ander taalbousels (vgl. Bergenholtz en Gouws 2013a). Bergenholtz en Gouws (2013b: 2) verwys byvoorbeeld na items wat uit meer as een woord bestaan, sowel as items op die subwoordelike vlak. Om woordeboekprodukte te skep wat op hierdie veelvlakkige wyse nuttig kan wees, is 'n stuk beplanning, en wel beplanning aan die hand van taalkundige kennis, noodsaaklik. Daar moet byvoorbeeld gepaste klassifikasiemeganismes wees om hierdie soort items op die regte manier te hanteer, eerstens in die databasis waaruit die woordeboek saamgestel word, en ook in die woordeboek as sodanig (Bergenholtz en Gouws 2013b: 17).

Volgens Gouws (2014b: 502) is die uiteindelike onttrekking van inligting uit die woordeboek ten nouste gekoppel aan goeie beplanning in die samestelling van die databasis waaruit die data kom. Hierdeur word dan ook nie net 'n gedekontekstualiseerde woord weergegee nie, maar verder 'n stuk kotekstuele leiding verskaf. Gouws (2015b: 171, 180) beklemtoon die belang daarvan om tipiese gebruik te illustreer binne die parameters van die bepaalde taal se sintaksis. Vir hierdie aspekte van die woordeboekmakery is eweneens grondige taalkundekennis nodig.

Die taalkundige omgewing *buite* die woordeboek is egter ook nie vir die leksikograaf van min belang nie. Volgens Gouws (2020b: 4) moet 'n uitdrukking se betekenis en gebruik behoorlik ingebed wees by 'n kulturele konteks, anders is daar die gevaar dat die gebruiker se onttrekking van inligting uit die woordeboek suboptimaal kan wees. Die leksikograaf moet dus nie net na die taalkundige eienskappe van 'n sekere taalvorm kyk nie (ibid.), hoewel dit belangrik is, maar ook na die kultuuromgewing waarbinne dit voorkom en na die moontlike buitetalige inhoud wat daardeur oorgedra (kan) word. (Vgl. in hierdie verband ook afdeling 7.)

Dit gaan dus oor sowel taalkennis as interpretatiewe kennis. Volgens Bergenholtz et al. (2015: 2) is kommunikatiewe kennis en vaardighede uiteraard belangrik, maar daarbenewens is daar ook operatiewe kennis en vaardighede, en interpretatiewe kennis waardeur bepaalde nietalige tekens verstaan kan word. Al hierdie faktore is vir die leksikograaf van belang, en kan deur 'n taalkundige onderbou ondersteun word. Met woordeboeke wat in die sentrale woordelys leksikografiese bewerkings bied wat die soort data daarstel waaraan byvoorbeeld taalpraktisyns 'n behoefte het (Gouws 2021b: 54) word die gebruiker se behoefte vervul op grond van die leksikograaf se oorwegings op taalkundige vlak.

'n Verdere belangrike funksie van taalkundige opleiding en kennis, is dat dit (aldus Gouws 2018b) kan bydra tot die "belangrike intellektuele aktiwiteit van woordeboekkritiek". Woordeboekkritiek, in die vorm van sowel resensies as portuurbeoordeling, hou volgens Bergenholtz en Gouws (2015: 107) aansienlike waarde vir outeurs in, waaronder die belangrikste sekerlik 'n stuk gehalte-

versekering is. Die woordeboekkritiek omvat 'n breë leksikografiese aktiwiteit wat nie net die woordeboekproduk self insluit nie, maar ook metaleksikografiese literatuur (Bergenholtz en Gouws 2016: 62). Hierdie kritiek situeer die betrokke werk binne 'n spesifieke wetenskaplike gemeenskap (Bergenholtz en Gouws 2015: 109) en dra dus ook by tot die daarstel en ontwikkeling van die veld as geheel. Hiervoor is kundigheid nodig; kundigheid wat heel spesifieke kriteria skep en operasionaliseer (ibid.) — en dit is veral en spesifiek taalkundige kundigheid. Daar is reeds in afdeling 3 verwys na die belang van die metaleksikografie vir die leksikograaf. Die koppeling met hierdie afdeling blyk ook duidelik.

Vir die leksikograaf om los van enige taalkunde te probeer werk, is soos vir 'n soogdier om onder die water te probeer asemhaal, of vir 'n vis op land.

## 7.    Die leksikograaf as taalburger en aktivis

Die leksikograaf se werk word toenemend nie beperk tot dit wat direk woordeboekintern of binne die leksikografiepraktyk gedoen word nie, maar kan ook 'n aktivistiese dimensie aanneem. Gouws (2016b: 137) verwys na woordeboeke wat "monumente [word] ter erkenning van en ter ere van 'n taal". Die werk wat op die oppervlak beskou vir die gebruiker gedoen word en oor die gebruiker handel, het die newe-effek dat dit ook die taal, en per implikasie die taalgemeenskap as sodanig, tot voordeel strek.

In die domein van taalbeplanning is statusbeplanning een van die belangrike konseptuele vlakke waarop gefokus word. Dit betref die relatiewe posisie van een taal ten opsigte van 'n ander binne die tradisionele oriëntasie van 'n nasiestaat wat sekere tale ampstaalstatus gee. Dit slaan egter ook op die status van tale relatief tot mekaar, en relatief tot die gebruiksdomeine waarin hulle voorkom. Gouws (2016b: 358, 360) verwys na die belang van byvoorbeeld vakwoordeboeke in die status van Afrikaans as 'n taal wat vir wetenskapsbeoefening geskik is, en derhalwe ook vir ander gebruike, sowel op hoëfunksie- as die meer algemene domein. Aan woordeboeke word immers in die oë van die gebruikerspubliek "gesag" (ibid.) toegeken. In die gekontesteerde Suid-Afrikaanse taalwerklikheid met durende en skreiende taalongelykhede moet die belang van die leksikograaf as bemiddelaar in 'n konteks van ongelyke magsverhoudinge dus nie geringgeskat word nie.

Hier is die rol van die leksikograaf dus ook 'n sosiaal betrokke een. In die geval van 'n omvattende woordeboek moet daar byvoorbeeld na die "hele geografiese omgewing" (Gouws 2022b: 102) van die teikengebruikersgroep gekyk word, en waar dit 'n sinchrone fokus het, moet die "verskillende variëteite" (Gouws 2022b: 110) van die betrokke taal in ag geneem en weerspieël word. Te gereeld is en was woordeboeke uitsluitend. Volgens Gouws (2022d: 50) is daar byvoorbeeld histories in verskeie Afrikaanse woordeboeke weens lengtebeperkings slegs op die standaardvariëteit gefokus, tot nadeel van ander variëteite — 'n situasie wat daartoe aanleiding gegee het dat so 'n woordeboek nie optimaal

bruikbaar is in die leer- en onderrigkonteks nie. Hierbenewens gee dit ook aanleiding tot ernstige etiese vraagstukke.

Hierdie sosiale betrokkenheid impliseer ook 'n sensitiwiteit vir gebruikers se vermoëns, en nie net hul behoeftes nie. Gouws (2018b) bepleit die erkenning van die nosie van 'n "woordeboekkultuur" binne die terrein van woordeboeknavorsing, waardeur die leksikografie ook by veranderende omstandighede kan aanpas. So 'n kultuur kan nie gevestig word in 'n konteks waar leksikografiese produkte nie voldoende op die gebruiker toegespits is nie (Tarp en Gouws 2020: 488). Die nosie van 'n "woordeboekkultuur" is natuurlik nie onproblematies nie. Gouws (2016b: 361) sistematiseer die nosies van "woordeboekkultuur" en "gebruikersvriendelikheid" as twee punte van 'n spektrum. Onder die noodsaak van 'n "woordeboekkultuur" word implisiet gesê dat die gebruiker by die leksikografie moet aanpas, terwyl "gebruikersvriendelikheid" daarna verwys dat die leksikografie by die gebruiker moet aanpas (ibid.). Leksikograwe misken volgens Gouws (2020: 3) nog te veel die noodwendig interaktiewe verband wat daar tussen leksikografie en kultuur behoort te bestaan wanneer hulle woordeboeke maak.

In die maak van woordeboeke lewer die leksikograaf immers nie slegs linguistiese kommentaar nie; dit is volgens Gouws (2022d: 40) ook 'n geleentheid waar dominante ideologieë, onderliggende houdings, denkwyses en dies meer weerspieël word. Woordeboeke affekteer mense se gedrag, en woordeboeke het daarom mag (Gouws 2022d: 59). Met ander woorde, die leksikografiese produk kan, op dieselfde manier as die heersende kultuur, inklusief of eksklusief wees, en dit is iets waarvan leksikograwe moet kennis neem, met potensiële gevare waarteen gewaak moet word. Van die vroegste Afrika-woordeboeke is byvoorbeeld deur (eksterne) agente soos sendelinge, koloniale administrateurs of taalkundiges geskep (Gouws 2022d: 44), en nie deur die gemeenskappe aan wie hierdie normeringsbronne uiteindelik oorgedra is nie. Dit is nie die ideaal nie, omdat 'n reeds ongelyke magsituasie dan ook in die woordeboek uitgebeeld, genormaliseer en uiteindelik geperpetueer word.

Leksikograwe is ook bloot menslik, en daarom moet hulle bewus daaraan aandag gee om onbevooroordeeld en objektief te wees in dit wat Gouws (2022d: 41) sistematiseer as die seleksie, aanbieding en behandeling van uitdrukkings. Die leksikograaf is inherent besig om die twee pole op die reeds vermelde spektrum tussen "maak gebruikers vir die woordeboek" en "maak woordeboeke vir die gebruikers" met mekaar te probeer versoen.

Die reikwydte van die leksikografie, en dus die leksikograaf, strek egter ook verder. Volgens Gouws (2022c) dien 'n taal wat as wetenskapstaal gevestig is, nie slegs sy eie taalgemeenskap nie, maar dra dit ook by tot die internasionale statuur van daardie taal. Afrikaans beskik oor 'n "gevestigde leksikografiese vaktaal" (ibid.) — in geen geringe mate nie te danke aan die werk van metaleksikograwe wat in Afrikaans aktief is, waaronder Rufus Gouws seer sekerlik die leiersfiguur is. Dit is 'n stuk geslaagde taalaktivisme met 'n wye reikwydte, gebou op 'n stewige vakkundige basis.

Hierdie taalaktivisme plaas Afrikaans midde-in 'n vakkundige diskoers wat, volgens Gouws (2022c) ook Bulgaars, Engels, Frans, Hongaars, Italiaans, Portugees, Russies en Spaans insluit. Wanneer hierdie lysie tale beskou word, is dit maklik om spore te sien van die soort epistemiese ongeregtigheid wat Stroud en Kerfoot (2021: 20) bekla:

> Both within and outside of universities worldwide, and South Africa in particular, languages and languaging practices continue to be ranked and regulated in ways that privilege communication and knowledge production through European languages — with insidious consequences such as educational failure.

Afrikaans staan egter tussen hierdie tale, en die Afrikaanse vakleksikografie maak sodoende die Afrikaanse taalgemeenskap in die breë deel van die groter vakkundige wêreld, en vestig ook daardeur die middele en die vermoë om leksikografiese produkte vir en deur die hele taalgemeenskap te laat skep.

Hoewel woordeboeke in die verlede ook as instrumente van beheer, afgrensing en onderdrukking misbruik is (vgl. Stroud en Kerfoot 2021: 24), is die soort werk wat gedoen is en word om Afrikaans 'n leksikografiese register te gee, 'n goeie voorbeeld van die "forms of meaning-making able to transcend the constraints of fixed understandings of legitimised language" wat Stroud en Kerfoot (2021: 34) bepleit as 'n wenslike vorm van taalburgerskap. 'n Leksikografiese register in Afrikaans is uiters bruikbaar in die "re-borderings, processes of equivocal translation" (Stroud en Kerfoot 2021: 37) wat gesien word as onontbeerlik in 'n taalburgerskapsbenadering tot groter epistemiese geregtigheid vir gebruikers van gemarginaliseerde vorme, oftewel variëteite, van Afrikaans.

Hoewel Stroud en Kerfoot (2021) krities is oor nosies van tale as opvoedkundige hulpbronne, en waarsku teen die inherent koloniale wêreldbeeld wat ingebed is in sienings van tale as streng afgebakende afsonderlike entiteite en die implikasie dat tale geïntellektualiseer moet word alvorens hulle tot hoëfunksiegebruiksdomeine kan toetree, is dit ooglopend dat die taalaktivisme wat beoefen word deur Afrikaans metaleksikografies relevant te maak, oorspoeleffekte het wat vir die totale Afrikaanse gemeenskap van waarde is en nuwe vorme van semiotisering en uitdrukking moontlik maak. Weereens is dit die prototipiese definisie van taalburgerskap; 'n taalburgerskap wat hier beliggaam word deur die leksikograaf.

In hierdie verband is Gouws (2016c) se artikel oor ANNA belangrik, en 'n interessante geval om te ondersoek. Dié artikel handel oor Prisma se *Groot woordeboek Afrikaans en Nederlands.* Met die eerste oogopslag is dit maklik moontlik om te dink dat hier al weer 'n hele woordeboek is wat die historiese verband tussen Afrikaans en Nederlands oorbeklemtoon, ten koste van die erkenning van die ander invloede in die taal se ontstaansgeskiedenis. Dit is egter opmerklik dat hierdie woordeboek "veral op die verskille tussen die twee tale [fokus]" (Gouws 2016c: 59). In hierdie klein opmerking sit weereens 'n groot stuk taalburgerskap opgesluit. Daar word erken en beklemtoon dat daar

vele *verskille* tussen die twee tale is, wat 'n noemenswaardige punt maak oor populêre sienings dat Afrikaans bloot 'n dogtertaal van Nederlands is.

Gouws (2016c: 75) skets naamlik 'n historiese trajek waar Afrikaans aanvanklik as wordende jong taal *deels* deur middel van koördinering met Nederlands gestandaardiseer is, maar daardie koördinering het juis 'n nuwe taal tot stand help bring. Op dieselfde manier is daar hedendaagse leksikografiese produkte waar Afrikaans hierdie rol vervul vir van die oudste en mees bedreigde tale van Suid-Afrika. In die geval van Gouws (2016c: 75) gaan dit naamlik oor "Ju|'hoan, 'n noordelike Khoesantaal, en N|uu, 'n nie-Bantoe-kliektaal wat deel van die !Ui-familie is, as niegestandaardiseerde tale wat vir hulle vroeë leksikografiese toetrede afhanklik is van die mede-optrede van 'n gestandaardiseerde taal". Afrikaans verskaf hier die leksikografiese skouers waarop "van die mees bedreigde tale" (Gouws 2016c: 76) kan staan deurdat dit die enkele sprekers van hierdie tale se "verkeerstaal" (Gouws 2016c: 77) is.

Dit vergestalt leksikografie as taalburgerskap en aktivisme, wat durende epistemiese ongeregtighede by die spreekwoordelike horings pak.

## 8.      Gevolgtrekking

Die bovermelde ses onderverdelings is verkry deur middel van 'n grondige tematiese analise van Rufus Gouws se artikels wat oor die afgelope dekade in geakkrediteerde vaktydskrifte gepubliseer is. Gouws (2012: 224-225) se versugting is na ondubbelsinnige kriteria vir wie 'n leksikograaf genoem kan word.

Die belang van hierdie soort kriteria moenie geringgeskat word nie. Daar is reeds bestaande wetgewing oor die gebruik van die Suid-Afrikaanse amptstale (Wet 12 van 2012), asook oor die professionalisering van die taalpraktyk deur die instelling van 'n taalpraktisynsraad (Wet 8 van 2014), en duidelike stappe in die rigting van groter regulering van die taalpraktyk deur middel van 'n proses van akkreditasie vir sulke praktisyns (vgl. Adams 2023), wat noodwendig effekte op die leksikografie ook sal hê.

Vanuit die bovermelde tematiese analise kom daar ses belangrike rolle vir die leksikograaf na vore, deurdat die leksikograaf tipies in etlike van hierdie ses rolle optree, wat hier in die volgorde van die afdelings hierbo gelys word:

— Leksikografiese praktisyn
— Teoretikus en akademiese navorser
— Medewerker
— Pedagoog
— Taalkundige en linguis
— Taalburger en aktivis

Hoewel die rol van die leksikograaf as pedagoog nie geringgeskat moet word nie, is dit die een van die ses rolle wat waarskynlik die mins noodsaaklike is om afsonderlik te definieer en as kriterium te stel. Hierdie rol word in die

ondersoekte literatuur beklemtoon, hoewel dit onses insiens nie absoluut nood-
saaklik is nie en eintlik meer indirek figureer, of in baie gevalle implisiet inge-
sluit word by die eerste en tweede rolle. Leksikografiese pedagogie vind nie
slegs in formele opleidingsprogramme plaas nie, maar ook in die praktyk-
omgewing waar praktiserende leksikograwe byvoorbeeld hul juniors deurlo-
pend oplei. Die metaleksikografie-vereiste waarna hieronder verwys word,
ondervang ook grotendeels die vereiste dat die leksikograaf op die gebruiker
ingestel moet wees. 'n Bereidwilligheid tot hierdie ingesteldhede kan wel as
belangrike onderliggende etiese beginsel uitgelig word. Dit is tegnies heeltemal
moontlik om die ander vyf rolle te vervul sonder om direk by die woordeboek-
pedagogiek betrokke te wees, maar dit is onwaarskynlik dat die werkende lek-
sikograaf nie in elk geval informeel met opleiding doenig sal wees nie.

Daar bly dus vyf rolle oor wat die leksikograaf nie behoort te kan ontwyk
as daar sinvol en logies nagedink word oor wat dit behels om by die leksiko-
grafie betrokke te wees in Suid-Afrika, maar ook internasionaal, nie. Geen
woordeboek word van begin tot einde gemaak sonder om saam met ander
mense te werk nie (rol 3), hetsy op praktiese of metaleksikografiese vlak. Dit
maak nie saak wat die aard van die leksikografiese bedrywigheid is nie, daar
gaan met taal gewerk word, en daarom is taalkundige kennis belangrik (rol 5).
Dit blyk ook duidelik dat "teorie ter wille van teorie" nie voldoende of wenslik
is nie, terwyl die praktiese leksikografie eweneens die rigtinggewende rol van die
metaleksikografie moet in ag neem; daar is dus 'n onlosmaaklike en veronder-
stelde verband tussen die praktiese en die teoretiese leksikografie (rolle 1 en 2).

Rol 6 beweeg sterker op die terrein van 'n stuk leksikografiese etiek. Etiese
beginsels is logieserwys dwarsdeur die leksikografie van belang, maar die akti-
vistiese kant van die leksikografie word in die huidige era toenemend belang-
rik, gedagtig aan die maatskaplike werklikhede van die tyd. Woordeboeke is
die weerspieëling van die taalgemeenskap se verhoudinge met mekaar en met
ander, van benoemingskonvensies, voornaamwoorde, taboes, en van die kul-
tuur as sodanig. Dit is reeds onontbeerlik, en sal toenemend selfs dringender
raak, dat die leksikograaf hiervoor sensitief moet wees en met groot omsigtig-
heid daarmee te werk moet gaan. Die leksikograaf moet bewus wees van die
noodwendig politiese aard van enige werk met taal in die hedendaagse samele-
wing, en daarom bewus aktivisties optree. Daar kan nie geskuil word agter die
wanindruk dat daar "slegs met taal" of "slegs met woordeboeke" gewerk word
nie. Om met taal en met woordeboeke te werk, is om 'n effek op mense en op
die wêreld te hê, en die ware leksikograaf neem hiervan kennis.

Hieruit kan afgelei word dat daar vyf minimumvereistes waaraan die heden-
daagse leksikograaf behoort te voldoen. Die leksikograaf is iemand wat:

— prakties by die maak van leksikografiese produkte betrokke is;
— kennis neem van ontwikkelinge in die meta- of teoretiese leksikografie,
   hetsy deur formele opleiding daarin of deur ander kanale;
— 'n stuk taalkundige of taalwetenskaplike agtergrond het;

— kundigheid het in verwante velde soos die inligtingwetenskap, of gerede-like toegang het tot sulke kundigheid deur medewerkers; en

— bewus is van hulle eie posisie en mag as taalpolitiese agent, en dit eties operasionaliseer aan die hand van 'n regstellende ingesteldheid.

Die bovermelde vyf kriteria is 'n eerste poging om die vraag "Wie is die leksi-kograaf?" te beantwoord vanuit tematiese data uit die werk van een van die grootste leksikograwe van ons tyd, en sekerlik die grootste een in hierdie taal.

## Eindnoot

1. Gouws se eie bydraes as praktiese leksikograaf ondersteun hierdie gedagte, vgl. o.a. sy werk aan die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (Odendal en Gouws 2005; Luther et al. 2015), die *Basiswoordeboek van Afrikaans* (Gouws et al. 1994) en die *Longman Grondslagfasewoordeboek Afrikaans/English* (Gouws et al. 2010).

## Bronnelys

**Adams, N.** 2023. UWC Professor Assumes Chairmanship of the South African Language Practitioners Council. [Aanlyn]. Beskikbaar: https://www.uwc.ac.za/news-and-announcements/news/uwc-professor-assumes-chairmanship-of-the-south-african-language-practitioners-council. [07/09/2023].

**Bergenholtz, H.J. en R.H. Gouws.** 2013a. The Presentation of Word Formation in General Monolingual Dictionaries. *Lexikos* 23: 59-76.

**Bergenholtz, H.J. en R.H. Gouws.** 2013b. A Lexicographical Perspective on the Classification of Multiword Combinations. *International Journal of Lexicography* 27(1): 1-24.

**Bergenholtz, H.J. en R.H. Gouws.** 2015. Proposals for the Writing of Peer Reviews in Lexicography. *Hermes. Journal of Language and Communication in Business* 54: 107-114.

**Bergenholtz, H.J. en R.H. Gouws.** 2016. On the Metalexicographic Genre of Dictionary Reviews, with Specific Reference to *LexicoNordica* and *Lexikos*. *Lexikos* 26: 60-81.

**Bergenholtz, H.J. en R.H. Gouws.** 2017. Polyseme Selection, Lemma Selection and Article Selection. *Lexikos* 27: 107-131.

**Bergenholtz, H.J., T.J.D. Bothma en R.H. Gouws.** 2015. Phases and Steps in the Access to Data in Information Tools. *Lexikos* 25: 1-30.

**Bothma, T.J.D. en R.H. Gouws.** 2020. e-Dictionaries in a Network of Information Tools in the e-Environment. *Lexikos* 30: 29-56.

**Bothma, T.J.D. en R.H. Gouws.** 2022. Information Needs and Contextualization in the Consultation Process of Dictionaries that are Linked to e-Texts. *Lexikos* 32(2): 53-81.

**Faaß, G., S.E. Bosch en R.H. Gouws.** 2014. A General Lexicographic Model for a Typological Variety of Dictionaries in African Languages. *Lexikos* 24: 94-115.

**Fuertes-Olivera, P.A. (Red.).** 2018. *The Routledge Handbook of Lexicography*. Londen/New York: Routledge.

**Gouws, R.H.** 2006. Leerdergedrewe leksikografie. *Tydskrif vir Taalonderrig* 40(1): 72-84.

**Gouws, R.H.** 2012. Who can Really be Called a Lexicographer? *Lexikos* 22: 217-225.

**Gouws, R.H.** 2013a. Contextual and Co-textual Guidance Regarding Synonyms in General Bilingual Dictionaries. *International Journal of Lexicography* 26(3): 346-361.

**Gouws, R.H.** 2013b. Die leksikografiese aanbieding en behandeling van vaste uitdrukkings. *Lexikos* 23: 135-149.

**Gouws, R.H.** 2014a. Article structures: Moving from Printed to e-Dictionaries. *Lexikos* 24: 155-177.

**Gouws, R.H.** 2014b. Makrostruktuuraanpassings vanaf gedrukte na e-woordeboeke. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 54(3): 481-504.

**Gouws, R.H.** 2015a. Wie is die teikengebruikers van eentalige aanleerderwoordeboeke? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 55(3):343-355.

**Gouws, R.H.** 2015b. The Presentation and Treatment of Collocations as Secondary Guiding Elements in Dictionaries. *Lexikos* 25:170-190.

**Gouws, R.H.** 2016a. Op pad na 'n omvattende woordeboekkultuur in die digitale era. *Lexikos* 26: 103-123.

**Gouws, R.H.** 2016b. Enkele minder bekende Afrikaanse woordeboekmonumente. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(2-1): 355-370.

**Gouws, R.H.** 2016c. Oor ANNA en ander andershede in die Afrikaanse leksikografie. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 23: 58-80.

**Gouws, R.H.** 2017. Van tematiese na alfabetiese na tematiese ordening in woordeboeke — wisselwerking tussen teorie en praktyk. *Spil plus* 53: 133-148.

**Gouws, R.H.** 2018a. 'n Leksikografiese datatrekkingstruktuur vir aanlyn woordeboeke. *Lexikos* 28: 177-195.

**Gouws, R.H.** 2018b. Woordeboekdidaktiek in 'n omvattende woordeboekkultuur. *Literator* 39(2): 1-8.

**Gouws, R.H.** 2018c. Expanding the Data Distribution Structure. *Lexicographica* 34: 225-238.

**Gouws, R.H.** 2020a. Special Field and Subject Field Lexicography Contributing to Lexicography. *Lexikos* 30: 143-170.

**Gouws, R.H.** 2020b. Metalexicography, Dictionaries and Culture. *Lexicographica* 36: 3-9.

**Gouws, R.H.** 2021a. Op pad na 'n omvattende aanlyn woordeboek — met spesifieke verwysing na die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 61(4-1): 1156-1176.

**Gouws, R.H.** 2021b. 'n Verbeterde leksikografiese dataverspreiding- en inligtingsonttrekkingstruktuur. *Spil Plus* 61: 49-64.

**Gouws, R.H.** 2022a. Extended Article Comments in Online Dictionaries. *Lexicography* 9(2): 111-138.

**Gouws, R.H.** 2022b. Ruimtelike en temporele leksikografiese deiktiese verankering. *Lexikos* 32(3): 95-122.

**Gouws, R.H.** 2022c. Afrikaans is geen bonsai. *Netwerk24.* [Aanlyn]. Beskikbaar: https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/aktueel/rufus-gouws-afrikaans-is-geen-bonsai-20220611. [16/06/2023].

**Gouws, R.H.** 2022d. Dictionaries as instruments of exclusion and inclusion: some South African dictionaries as case in point. *Lexicographica* 38: 39-61.

**Gouws, R.H., I. Feinauer en F. Ponelis (Reds.).** 1994. *Basiswoordeboek van Afrikaans.* Pretoria: Van Schaik.

**Gouws, R.H., L. Potgieter en S. Burgess (Reds.).** 2010. *Longman Grondslagfasewoordeboek Afrikaans/ English.* Kaapstad: Maskew Miller Longman.

**Gouws, R.H. en D.J. Prinsloo.** 2021a. Lexicographic Data Boxes. Part 1: Lexicographic Data Boxes as Text Constituents in Dictionaries. *Lexikos* 31: 330-373.

**Gouws, R.H. en D.J. Prinsloo.** 2021b. Lexicographic Data Boxes. Part 3: Aspects of Data Boxes in Bilingual Dictionaries and a Perspective on Current and Future Data Boxes. *Lexikos* 31: 402-433.

**Gouws, R.H., D.J. Prinsloo en M. Dlali.** 2014. A Series of Foundation Phase Dictionaries for a Multilingual Environment. *Spil* 43: 23-43.

**Gouws, R.H. en S. Tarp.** 2017. Information Overload and Data Overload in Lexicography. *International Journal of Lexicography* 30(4): 389-415.

**Jackson, H. (Red.).** 2022. *The Bloomsbury Handbook of Lexicography*. Londen: Bloomsbury.

**Klosa, A. en R.H. Gouws.** 2015. Outer Features in e-Dictionaries. *Lexicographica* 31: 142-172.

*LitNet.* 2022. Aankondiging: Rufus Gouws wen die Jan H Maraisprys vir 2022. [Intyds]. Beskikbaar: https://www.litnet.co.za/aankondiging-rufus-gouws-wen-die-jan-h-maraisprys-vir-2022/. [25-05-2023].

**Luther, J., F. Pheiffer en R.H. Gouws.** 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Sesde uitgawe. Kaapstad: Pearson Education.

**McConchie, R.W.I.** 2019. *Discovery in Haste. English Medical Dictionaries and Lexicographers 1547 to 1796.* Berlyn/Boston: De Gruyter.

**Odendal, F.F. en R.H. Gouws (Reds.).** 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vyfde uitgawe. Kaapstad: Pearson Education.

**Sands, B. en K. Jones (Reds.).** 2022. *Nǀuuki Namagowab Afrikaans English ǂXoakiǂxanisi/Mîdi di ǂKhanis/ Woordeboek/Dictionary*. Stellenbosch: African Sun Media.

**Stroud, C. en C. Kerfoot.** 2021. Decolonizing Higher Education: Multilingualism, Linguistic Citizenship and Epistemic Justice. Bock, Z. en C. Stroud (Reds.). 2021. *Language and Decoloniality in Higher Education. Reclaiming Voices from the South*: 19-46. Londen: Bloomsbury Academic.

**Tarp, S.** 2013. Lexicographic Functions. Gouws, R.H., U. Heid, W. Schweickard en H.E. Wiegand (Reds.). 2013. *Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography. Supplementary Volume: Recent Developments with Focus on Electronic and Computational Lexicography:* 460-468. Berlyn: De Gruyter.

**Tarp, S. en R.H. Gouws.** 2019. Lexicographical Contextualisation and Personalization: A New Perspective. *Lexikos* 29: 250-268.

**Tarp, S. en R.H. Gouws.** 2020. Reference Skills or Human-centered Design: Towards a New Lexicographical Culture. *Lexikos* 30: 470-498.

**Wiegand, H.E.** 1996. A Theory of Lexicographic Texts. An Overview. *SA Journal of Linguistics* 14(4): 134-149.

**Zgusta, L.** 1971. *Manual of Lexicography.* Berlyn: De Gruyter.

# Structuring a Collection of Lexicographic Data for Different User and Usage Situations

Pedro A. Fuertes-Olivera, *Department of Afrikaans and Dutch, University of Stellenbosch, South Africa; International Centre for Lexicography, University of Valladolid, Spain; and Centre of Excellence in Language Technology, Ordbogen A/S, Odense, Denmark (pedro@emp.uva.es)*

**Abstract:** According to Fuertes-Olivera and Tarp (2020), lexicography is being currently shaped by three related tendencies: (a) the increasing use of disruptive technologies; (b) the necessity of finding new business models that can finance new lexicographic projects; and (c) the existence of growing competition from other information sources, e.g. Google. These trends have a particular influence on specialized dictionaries, defined here as tools that cover areas outside general cultural knowledge and its corresponding Language for General Purpose (LGP). This article adopts the view that lexicographers can deal with the abovementioned tendencies by preparing structured collections of lexicographic data with details that can be easily converted into information and stored in DWSs that allow multiple combinations and possible retrievals. This option is suitable for the tendencies, as it uses adequate technologies, e.g. ways of profiling or individualizing searches, defends a new business model based on the creation of lexicographic data that can feed many different tools, e.g. *Write Assistant* (Fuertes-Olivera and Tarp 2020), and offers better and more precise information than that of Google and other information tools.

**Keywords:** LEXICOGRAPHIC DATA, TECHNOLOGY, SPECIALIZED LANGUAGE, SPECIALIZED LEXICOGRAPHY, E-LEXICOGRAPHY

**Opsomming: Die strukturering van 'n versameling leksikografiese data vir verskillende gebruikers- en gebruiksituasies.** Volgens Fuertes-Olivera en Tarp (2020) word die leksikografie tans gevorm deur drie verwante tendense: (a) die toenemende gebruik van ontwrigtende tegnologieë; (b) die noodsaaklikheid om nuwe sakemodelle wat nuwe leksikografiese projekte kan finansier, te vind; en (c) die voorkoms van groeiende kompetisie van ander inligtingsbronne, bv. Google. Hierdie tendense het 'n bepaalde invloed op gespesialiseerde woordeboeke, wat hier gedefinieer word as hulpmiddels wat gebiede buite die algemene kulturele kennis en ooreenstemmende Taal vir Algemene Doeleindes (TAD) dek. Hierdie artikel steun die beskouing dat leksikograwe bogenoemde tendense kan hanteer deur gestruktureerde versamelings leksikografiese data met detail voor te berei wat maklik in inligting omskep kan word en in woordeboekskryfstelsels (WSSs) geberg kan word wat veelvoudige kombinasies en moontlike afvoere moontlik maak. Hierdie opsie is toepaslik vir die tendense, aangesien dit voldoende tegnologieë gebruik, bv. metodes vir profielsamestelling of geïndividualiseerde soektogte, steun bied aan 'n nuwe sakemodel wat gebaseer is op die skep van leksikografiese data wat baie verskillende hulpmiddels kan voed, bv. *Write Assistant* (Fuertes-Olivera en Tarp 2020), en beter en meer presiese inligting as dié van Google en ander inligtingshulpmiddels kan aanbied.

**Sleutelwoorde:** LEKSIKOGRAFIESE DATA, TEGNOLOGIE, GESPESIALISEERDE TAAL, GESPESIALISEERDE LEKSIKOGRAFIE, E-LEKSIKOGRAFIE

## 1.    Introduction

A review of recent publications on lexicography and terminology reveals that we are in the middle of a *Cambrian explosion* (Fuertes-Olivera 2016), a concept typically used for referring to situations that are similar to what occurred around 540 million years ago, when new life forms began to multiply and everything changed in a way that made life completely different (Siegele 2014). For instance, Fuertes-Olivera and Tarp (2020) mention three recent tendencies that are shaping lexicographers' work and point to the future. The first tendency is the increasing use of disruptive technologies in almost all aspects of the discipline. The second is the growing obsolescence of the business model which, by and large, has financed the compilation of reference works for the last five hundred years. The third tendency is growing competition from other information sources, especially Google. This article addresses how these trends can affect the creation of online lexical resources for specialized languages, which is the topic of this study. By doing so, I present my solution and see it in line with Gouws's main academic endeavour, which has focused on adapting theory to practice and practice to theory (Gouws 2011), and being always "open" to new ideas and methods (Domínguez Vázquez and Gouws 2023).

Firstly, we will review the concept of specialized language, and especially that of specialized online dictionaries (section 2). Next, we will focus on the concept of *lexicographic data*, which we envisage as central for the future of lexicography (section 3). In section 4, we will illustrate a proposal for structuring lexicographic data in novel ways with the aim of offering alternatives that might lead to a rebirth of lexicography. For reasons of space, we will concentrate on different consultation possibilities, especially those that can be connected with the creation of specialized information tools from the same Dictionary Writing System (DWS). A final conclusion will summarise the main points discussed and will reflect on future developments in online lexicography.

## 2.    Specialized languages

Cabré (1998: 118-121) indicates that specialized languages are sub-assemblies of the common language with their own rules and specific units. They are not easily understood by non-specialists, have to be consciously learned, and undergo change, variation and other processes that are also found in the common language, i.e. the unmarked linguistic code all humans learn and use, for instance, in face-to-face conversations and similar daily encounters. The above broad definition has typically led researchers to focus on the rules and units that are restricted, i.e. not used in the common language, and have created ref-

erence works that only (or mostly) deal with these rules and units.

Regarding the different specialized rules and units described so far, we will focus on lexical units, i.e. single words or chains of words that form the basic elements of the vocabulary of specialized languages. These represent the backbone of specialized dictionaries, i.e. reference tools that cover areas outside general cultural knowledge and its corresponding Language for General Purpose (LGP). Hence, they include disciplines such as technology, natural and social sciences, health sciences and humanities, to name just a few. In addition, they should not be considered a very specific type of dictionary with rigid and well-established characteristics, but rather a series of lexicographic works with different characteristics, sizes and terms, such as "glossary", "terminological database", "lexicon", "technical dictionary", "encyclopaedia", "vocabulary", "domain ontology", "knowledge bank", and so on (Fuertes-Olivera and Tarp 2014: 7-8). Under this general definition, specialized dictionaries describe the various specialized languages and substances of these disciplines to provide direct, specific access to their cognitive elements.

Such works may be either in paper format or online, but some are only paper whereas others are only digital. Regarding specialized online dictionaries, Fuertes-Olivera (2016: 227-228) has commented on two findings that are shaping the discipline. The first is that only a limited number of these are really different from their printed counterparts, that is, in terms of the use they make of internet technologies, e.g. for favouring individualisation (i.e. customisation or profiling); this is a defining factor when differences between printed and online dictionaries are analysed. The *Accounting Dictionaries* (Fuertes-Olivera and Niño Amo 2018) to a certain extent exploit available technologies from information science like user profiling, filtering and adaptive hypermedia, and also frequently link to the internet, where already existing data are reused in order to satisfy users' specific needs (Bothma 2011).

The second finding is that the design and construction of specialized online dictionaries should combine the use of lexicographic theories and methods with the active participation of IT experts as well as experts in the field; these should be experts, for instance, in medicine if the dictionary describes medical concepts and language. Such cooperation is of paramount importance, and will lead to the design of a high-quality online dictionary, which, according to Fuertes-Olivera (2016: 229-230)

1.   is an information tool that contains (or can contain) many types of lexicographic data — e.g. dictionary articles, systematic introductions, hyperlinks, and so on (see section 3, below);
2.   offers the data in a structured way (see section 4, below);
3.   is always for specific consultation with the aim of converting its structured data into information quickly and easily;
4.   contains specialized relevant data categories for the user: terms, definitions, example sentences, instructions, non-verbal signs, and so on;

5.  offers reliable data, i.e. the validity and suitability of the data offered have been checked;
6.  makes use of internet technologies, especially those favouring individualisation;
7.  consists of three related components: a lexicographic database, a search system and a graphical user interface (GUI);
8.  is updated continuously.

As the above characteristics show, online dictionaries cover both the language and facts of one or more domains. Regarding facts, i.e. knowledge of a particular domain, Hashimzade et al. (2014: 11-16) explicitly indicate that only experts with proper knowledge can write definitions of economic concepts in dictionaries directed at experts and semi-experts, who are the typical users of specialized dictionaries. As for the language of a particular domain, gone are the days when specialized dictionaries had very few data types, typically lemma and/or equivalent, definition, and sub-domain, e.g. example 1 from the *Diccionario McGraw-Hill de Química bilingüe español–inglés/English–Spanish*:

**mezcla azeotrópica** *azeotropic mixture* [QUIM]

Disolución de dos o más líquidos, cuya composición
   no cabía por destilación. También conocida por
   azeótropo.

**Example 1:**   Dictionary entry in *Diccionario McGraw-Hill de Química*

Instead, modern specialized (online) dictionaries aim at offering a very precise description of specialized lemmas. Fuertes-Olivera and Tarp (2014: 199-200), for instance, indicate that the DWS for the *Accounting Dictionaries* contains up to 21 lexicographic data categories for each accounting lemma (Table 1, below) so as to assist their target users: (1) translators and language staff; (2) accounting experts and semi-experts; and (3) students and laypersons interested in Danish, English and Spanish matters related to accounting.

**Table 1:**   Data types and categories in the accounting lexicographic database

| Data Type | Rationale |
|---|---|
| Lemma | Self-evident: all dictionaries describe lemmas. |
| Homonymy index (superscript in the dictionary) | Included when homographs have different inflectional paradigms or are countable or uncountable, respectively. It assists all user types in all situations: it restricts the meaning of lemmas. |
| Polysemy index (Arab numbers in the dictionary | Included when homographs have different definitions. It assists all user types in all situations. It restricts the meanings of the same lemma. |

| | |
|---|---|
| Language code to lemma | Included for indicating language and language variant of the lemma. It assists all user types in all situations. |
| Grammatical data addressed to lemma | Offers inflections, countability, active and passive forms of verbs. It assists all user types in two communicative situations: production and translation. It offers linguistic profiles of lemmas. |
| Equivalent | One Danish, English or Spanish equivalent in several dictionary combinations: Danish–English (Danish Lemma; Danish definition; English equivalent); English–Danish (English lemma; English definition; Danish equivalent); English–Spanish (English lemma; English definition; Spanish definition; Spanish equivalent); Spanish–English (Spanish lemma; Spanish definition; Spanish equivalent). It assists all user types in communicative situations. |
| Language code to equivalent | Included for indicating language and language variant of the equivalent. It assists all user types in communicative situations. |
| Grammatical data addressed to equivalent | Offers inflections, countability, active and passive forms of verbs. It assists all user types in two communicative situations: production and translation. It offers linguistic profiles of equivalents. |
| Definition of lemma | Explains the meaning(s) of lemmas. Always one definition per sense. Definitions are crafted in the language of the lemma. There is one exception: in the English–Spanish dictionary, definitions are in English and Spanish. It assists all user types in all situations. |
| Collocations | Short and long phrases but not full sentences. They are crafted in the language of the lemma. They *mainly* assist users in two communicative situations: production and translation. In addition, the Spanish dictionary also includes collocations that assist users in cognitive situations (this is a useful method for dealing with culture-bound subject fields). |
| Translation of collocations | In some dictionary combinations, collocations are translated: English collocations are translated into Danish and Spanish, and Danish and Spanish collocations are translated into English. They assist all user types in two communicative situations: production and translation. |
| Language code to translation of collocations | Included for indicating language and language variant of the lemma and equivalent. It assists all user types in two communicative situations: production and translation. |
| Examples | Full sentences showing lemmas in use. They assist all user types in cognitive situations and two communicative situations: production and translation. |
| Translation of examples | They are full sentences showing equivalents in use. They are in some dictionary combinations: English examples are translated into Danish and Spanish, and Danish and Spanish examples are translated into English. They assist all user types in cognitive situations and two communicative situations: production and translation. |

| Synonyms and antonyms addressed to lemmas or equivalents | Assist all user types in two communicative situations: production and translation. |
|---|---|
| Language code to synonyms and antonyms | Included for indicating language and language variant of the synonym and antonym. It assists all user types in two communicative situations: production and translation. |
| Source | Hyperlinks to external texts. It mainly assists experts in cognitive situations. It can also assist translators and semi-experts in two communicative situations: production and translation. |
| Lexicographic notes | Usage, and/or contrastive notes that are addressed to lemma or equivalent, especially for indicating factual differences between lemma and/or equivalent, particular usages, cultural details, etc. They mainly assist all user types in cognitive situations. |
| Grammar notes attached to lemma and/or equivalent | Indicate language profiles of some lemmas and/or equivalents. They mainly assist users in two communicative situations: production and translation. |
| Proscriptive notes | Used for recommending lemmas. They mainly assist all user types in communicative situations. |
| Cross-references | Hyperlinks to internal texts. They assist all user types in cognitive situations and two communicative situations: translation and production. |

Source: Adapted from Fuertes-Olivera and Tarp 2014: (199-200)

Table 1 also speaks of a new trend in online lexicography, namely, that the time is ripe for creating lexicographic data (section 3) that pay scant attention, if any, to dictionary typologies. Bowker (2018) seems to concur with this idea by explaining the process of convergence of lexicography and terminology (i.e. specialized lexicography in this paper), which she views as inevitable and illustrates in Table 2:

**Table 2:**   Evolution and convergence of characteristics associated with lexicography and terminology

|  | **Lexicography** | **Terminology** |
|---|---|---|
| **Practitioner** | mainly lexicographers, but with greater involvement from the general public (via crowdsourcing) | mainly terminologists, but with greater involvement from the general public and subject matter experts (via open and closed crowdsourcing) |
| **Object of study** | mainly words, but also some terms | mainly terms, but also some general language words or expressions |
| **Domain** | mainly general language, but also some specialised language | mainly the language of a specialised domain, but also some general language |

| **Point of view** | mainly descriptive | mainly normative/prescriptive in the public and academic sectors, but incorporating more descriptive elements in commercial settings |
| --- | --- | --- |
| **Approach** | mainly semasiological | increasingly semasiological, but retaining some onomasiological elements where useful |
| **Organisation** | mainly alphabetical, but sometimes incorporating thematic elements | mainly thematic, but allowing alphabetic searching |
| **Main information provided** | words, meanings, examples, usage information (e.g. collocations, frequency, phraseology), a range of linguistic information (e.g. part of speech, pronunciation) | preferred term, variants, context and usage information (e.g. collocations, frequency, phraseology), meaning, conceptual relations |
| **Intended users** | lay people, professional and academic audiences | public sector (for language planning), domain experts, scientific/technical writers, translators (for bi- or multilingual resources), commercial enterprises |

Source: Bowker (2018: 148)

### 3.      Lexicographic data in the era of the internet

We define lexicographic data as any data that have been prepared or accepted by lexicographers and stored in a DWS with the aim of helping humans and/or machines convert them into information *in a straightforward manner*. This definition merits several comments. Firstly, any data in a DWS implies that the system must allow the inclusion of such data in any format, especially:

— Words such as **azeotrope**
— Running text, e.g. in definitions and systematic introductions
— Symbols, e.g. that of the dollar: **$**
— Sounds, e.g. that of *lion* (Figure 1):



**Figure 1:**   Pronunciation of *lion* in *howjsay*

— Films, e.g. how to make pancakes in *YouTube*
— Pictures, e.g. that of a lion (Figure 2)



**Figure 2:** Picture of a *lion*

Secondly, the data should be prepared or accepted by lexicographers. This comprises selection, analysis and acceptance of the data to be included in the DWS. Fuertes-Olivera and Tarp (2014), among others, have shown that the process of selection based on restricted corpus data is not recommended in specialized lexicography. Instead, we believe that for selecting, analysing and accepting data we can rely on the internet as a corpus, and make use of big data analytics for extracting, say, the initial lemma list of the dictionary (Fuertes-Olivera et al. 2018), and of Google minitexts for preparing definitions, examples, grammar, etc. of each lemma (Fuertes-Olivera 2012; Fuertes-Olivera et al. 2018; Tarp and Fuertes-Olivera 2016). For instance, IT staff at Ordbogen.com, a Danish language technology company, tracked around one million daily searches in English and Spanish. They found that approximately 80% of these can be matched, i.e. the same search is identified in the logfiles of different dictionaries

and may, therefore, be interpreted in order to identify the most popular articles in the dictionaries under scrutiny. After two months of work with the logfiles of the searches, which amount to more than 60 million, IT staff at Ordbogen A/S were able to produce two lists of 20,000 English words and 16,000 Spanish words. They comprise the words most commonly searched in the period under analysis and were used by the editor of the *Diccionarios Valladolid-UVa* for compiling the initial lemma lists of this project (Fuertes-Olivera et al. 2018). Something similar can be done for selecting the initial lemma list of specialized dictionaries.

Regarding Google minitexts, they offer at a glance data that can be easily understood and used, especially if the retrieved data are analysed by an expert in the field. For instance, googling *azeotrope* retrieves around 786,000 hits. The first six hits (Figure 3) offer enough data for one to learn

(a)   that *azeotrope* is a countable noun used in chemistry;
(b)   its synonym is *constant boiling point mixture*;
(c)   *azeótropo* and *mezcla aceotrópica* are its Spanish equivalent, one can be included as equivalent and the other as synonym of the equivalent;
(d)   and that it is "a mixture of two or more liquids whose proportions cannot be altered or changed by simple distillation" because it "exhibits the same concentration in the vapor phase and the liquid phase".

https://en.wikipedia.org › wiki › Azeotrope       ⋮
### Azeotrope - Wikipedia
An **azeotrope** or a constant heating point mixture is a mixture of two or more liquids whose proportions cannot be altered or changed by simple distillation.
Raoult's law · Heteroazeotrope

https://en.wikipedia.org › wiki › Azeotrope_tables       ⋮
### Azeotrope tables - Wikipedia
This page contains tables of **azeotrope** data for various binary and ternary mixtures of solvents. The data include the composition of a mixture by weight (in ...

https://chem.libretexts.org › ... › Non-ideal Solutions       ⋮
### Azeotropes - Chemistry LibreTexts
Sep 23, 2020 — An **azeotrope** is a mixture that exhibits the same concentration in the vapor phase and the liquid phase. This is in contrast to ideal solutions ...

https://www.sciencedirect.com › topics › chemistry › azeo...       ⋮
### Azeotropic Mixture - an overview | ScienceDirect Topics
An **azeotrope** is a mixture of two or more liquid components under constant boiling, and distillation processes are performed as if they were a pure compound (see ...

**Figure 3:**   Initial hits when googling **azeotrope**

The design of existing writing assistants is generally intuitive and also in line with the recommendation of Tarp and Gouws (2019, 2020) to assist users directly in the context where they have problems, without requiring them to have special reference skills. It is therefore not discussed in detail here. By contrast, language can be a challenge for many users. All the writing assistants described above use English as the sole language of explanation, at least for the time being. This is of course best for native English speakers, but for non-native speakers, including learners who are also part of the target group, it can be very challenging, especially if they are at a beginner or intermediate level. Therefore, if these writing assistants are serious about addressing non-native English speakers, they should consider explaining themselves in the native language of these users.

In terms of style, it is noticeable that most writing assistants take some care in formulating the explanations to support their alternative suggestions. This is reflected in the use of words and expressions such as *may be*, *possible*, *it seems*, *it appears*, etc. This approach is understandable, as the technology is not yet able to identify problems and suggest alternatives with 100% accuracy. For example, in Figure 2, *ProLanguageAid* recommends correcting both *manuscript* and *glosses*, even though these words are perfectly valid in the given context. Still, these reservations can be annoying and are probably not always necessary. So it is refreshing that *Ginger* dares to say things directly, as shown in Figures 13 and 16. Whatever the risk of making mistakes, this points to a more user-friendly product, for which further research and refinement is needed. Since no language model is 100% perfect, the key question in any case is whether a few errors can be accepted and, if so, where the error threshold should be.

Regarding the extent of the explanations and the use of terminology, it has already been argued that the default texts should not be too long and that specialized terms should be avoided as far as possible and preferably used only in the supplementary comments. The latter, as mentioned above, is an aspect of one of the research questions to be answered in the current project.

The *main problem* — and therefore the *main challenge* — that the analysis of the different writing assistants revealed was the lack of definitions for the suggested alternative words and expressions, as users, especially non-native English speakers, cannot always be expected to know the meaning of all of them. The risk is that users simply click on the suggested words and have no idea what they are actually typing. This could have unpleasant consequences for them and certainly does not help them to develop their own writing. It is therefore gratifying that *Ginger*, as an inspiring exception, offers such straightforward definitions, although it could be done more elegantly (see Figure 16).

**Figure 16:**     Explanation and definition of suggested alternatives in *Ginger*

The challenge goes far beyond individual words and phrases that users may be unfamiliar with, as it also involves rephrasing entire sentences. This is a problem similar to the new AI-powered chatbots that students and others are relying on to write essays on topics they are not well versed in, and where they often have no deeper understanding of what the chatbot is writing. With good reason, Chomsky (2023) characterizes the use of these tools as "a way of avoiding learning". In the case of writing assistants, it will probably take some time to develop software that can explain the meaning of the spontaneously rephrased sentences generated by artificial intelligence. This is certainly a challenge that must be met if a further decline in written language is to be avoided. An interim solution could be to develop software that can identify the concrete meaning of individual words in a given context, based on the visionary ideas of Bothma and Gouws (2022). It might also be relevant to use constructive hints to motivate understanding. When writing in a second language, it could even be an option to provide automatic translation into the user's native language. In any case, the whole issue is an urgent topic for research.

## 5.     Some reflections on writing explanations

At the time of writing, the implementation of the above ideas has not yet begun. However, some testing has been done and is discussed here. So far, the GECToR language model has generated over 8,000 internal codes as a prerequisite for writing short explanations to support the alternative suggestions. This number is likely to increase to 30-40,000 as the model is trained further.

Most of the problems currently identified relate to replacing single words, where writing explanations would be relatively straightforward, although time-consuming. However, there are also a large number of cases involving the conjugation of Spanish verbs. In this respect, some of the generated codes are elaborate and easy to handle, while others are very short and uninformative. Below are two examples to illustrate the challenges.



**Figure 17:**    Writing assistant with suggestion for correction

Figure 17 shows a Spanish text pasted into the new writing assistant. One of the verbs was then incorrectly changed from the indicative to the subjunctive and the software immediately reacted by underlining the error and suggesting the correct conjugation. The correction was linked to the following internal code, which the GECToR language model had automatically generated after training:

—    $TRANSFORM_INFLEXION_verb_verb-indicative-present-third-person

The first part in capital letters indicates what the main problem is, i.e. that the inflection needs to be changed. The second part in lower case is based on synthetic data from a lexicographical database and indicates a verb in the third person present indicative as an alternative. Using a specially designed interface, the lexicographer can now write an explanation that links directly to the internal code. This explanation, translated into English in Figure 18, consists of a macro in which the two words in bold are inserted. From now on, whenever there is a typing problem involving the same code, the writing assistant will display this text and insert the two concrete words involved in the particular case.



**Figure 18:**    Window with short explanation of the suggestion to change *sea* to *es*

In Figure 19, another Spanish verb was incorrectly changed from the indicative to the subjunctive and immediately marked by the language model, i.e. a problem that is grammatically identical to the one above.



Ya han pasado los días en los que el lexicógrafo –como fue el caso de María Moliner y Manuel Seco– trabaja en solitario en su diccionario durante años para luego buscar a una editorial, o un tipógrafo y un encuadernador, para culminar el proyecto. Por supuesto, esto todavía puede hacerse si el autor _esté_ dispuesto a asumir los costes, pero un diccionario compilado de esta manera dejaría mucho que desear tecnológicamente.

esté → está

**Figure 19:**   Writing assistant with suggestion for correction

In this case, GECToR associates the problem with the following internal code:

— TRANSFORM_INFLEXION_verb_verb-i

This difference in the treatment of two apparently identical problems is due to the fact that Spanish verbs have three different moods: indicative, subjunctive and imperative. In Figure 17, the inflected form _es_ is unique and can only be _indicative, present, singular, third person_. GECToR therefore identifies it unambiguously. By contrast, the inflected form _está_ in Figure 19 is ambiguous, as it can be both _indicative, present, singular, third person_ and _imperative, singular, second person_. Consequently, GECToR can only identify it as _verb-i_ (the first letter in both _indicative_ and _imperative_), as it starts parsing from the left.

In fact, it is the same kind of problem that explains why GECToR only indicates _verb_ and nothing else for the two incorrectly conjugated words underlined in Figures 17 and 19. The reason is that both _sea_ and _esté_ are inflected forms used in both the imperative and the subjunctive of the respective verbs (_ser_ and _estar_). Therefore, when the language model starts parsing from the left, it cannot go further than _verb_ because the two moods begin with different letters.

This problem was not foreseen, but it is logical given the conjugation pattern of Spanish verbs. The challenge is that unambiguity is required to write informative and correct explanations. It remains to be seen how to solve this problem. One possibility is to feed the language model with synthetic data of a syntactic nature, but this implies a redesign of the lexicographical databases used, something already pointed out by Fuertes-Olivera and Tarp (2020) in their discussion of _Write Assistant_. In any case, it will require interdisciplinary collaboration.

As can be seen in Figure 18, the explanation includes the term _indicative_, which in some ways goes against what was previously recommended. The rea-

son for this is that the use of the indicative and the subjunctive is so central to Spanish verbs that it is difficult to say anything meaningful without using these terms. Whether this is a wise idea, or whether another clever solution can be found, will be decided during the tests that make up the next phase of the research project. The aim is to answer the three research questions presented in Section 3, including the one in question here.

## 6.    New role of lexicography

The above discussion shows that lexicographical databases have an important role to play in the new writing assistants, although they need to be adapted to new requirements in some respects. But it also shows that there are a number of new tasks for which lexicographers are well prepared:

— Training of an AI-based language model to support the writing assistant;
— Designing a set of principles for good communication between the writing assistant and its users;
— Preparing a new type of lexicographical database, which is problem-based rather than lemma-based, and contains small texts explaining the alternative suggestions made by the writing assistant.

It could be argued that these three tasks are not lexicography, because they are not what professionals in the discipline usually do. This is true. But it is worth remembering that these *modern glosses* are very similar to the *traditional glosses* that Greek scribes — i.e. the first European lexicographers — inserted into manuscript copies in the Classical Period over two thousand years ago (cf. Hanks 2013). Nor should we forget Rundell's (2012) prediction that the lexicographers of the year 3000 will not be doing exactly the same as their colleagues of today. If the latter do not prepare themselves and move into new areas, they will be left behind by rapid technological development. The design of high-quality writing assistants is a new area that lexicographers will definitely have to cover, although it implies that the centrality of the lemma category in lexicographical work will have to be complemented by the centrality of another data category.

## 7.    Perspectives

Artificial intelligence is here to stay. Lexicographers will have to prepare themselves to interact with it in one way or another, not only in terms of writing assistants, but also in relation to other areas where artificial intelligence is encroaching on their discipline. Exciting challenges lie ahead. There are unprecedented opportunities to provide personalised lexicographical services to users in need. The list is long: writing assistants, reading assistants, learning apps, machine translators, etc. But, as we have seen, there are also major risks that need to be addressed. As written in Spanish in Figure 19, lexicographers should

not hide at home or even in traditional publishing houses. They must proactively seek out the experts who embody the latest technology. They should do this on an equal footing and with confidence, knowing that they have much to contribute to keeping technology in check and creating new techno-lexicographical masterpieces.

This positive, optimistic, and inquisitive look into the future, without fear of making mistakes, is the best way to celebrate Rufus H. Gouws's — to date — 43 years of successful academic work.

## Acknowledgments

## Endnotes

1. After the article was submitted, ChatGPT was introduced into the project as a production tool, resulting in both a modified project plan and new tasks for the lexicographers. See Huete-García and Tarp (2024) and Tarp and Nomdedeu-Rull (2024) for further details.
2. While preparing this article (January–February 2023), *DeepL Write* was launched in a beta version that is discussed here. Like similar tools, it is expected to continuously improve with new features and may therefore be modified in some aspects by the time the article is published.

## References

### A.    Writing assistants

**ColloCaid:** http://www.collocaid.uk/
**DeepL Write** (beta version): https://www.deepl.com/write
**Ginger:** https://www.gingersoftware.com/
**Grammarly:** https://www.grammarly.com/
**HARenEs:** http://harenes.taln.upf.edu/CakeHARenEs/check
**LanguageTool:** https://languagetool.org
**ProWritingAid:** https://prowritingaid.com/
**WhiteSmoke:** https://www.whitesmoke.com/
**Write Assistant:** https://writeassistant.com/
**Writefull:** https://writefullapp.com/

## B.    Other literature

**Alonso-Ramos, M. and M. García-Salido.** 2019. Testing the Use of a Collocation Retrieval Tool Without Prior Training by Learners of Spanish. *International Journal of Lexicography* 32(4): 480-497.

**Bothma, T.J.D. and R.H. Gouws.** 2022. Information Needs and Contextualization in the Consultation Process of Dictionaries that are Linked to e-Texts. *Lexikos* 32(2): 53-81.

**Chomsky, N.** 2023. Noam Chomsky on ChatGPT: It's "Basically High-Tech Plagiarism" and "a Way of Avoiding Learning". *Open Culture*, February 10, 2023

**Frankenberg-García, A., R. Lew, J.C. Roberts, G.P. Rees and N. Sharma.** 2019. Developing a Writing Assistant to Help EAP Writers with Collocations in Real Time. *ReCALL* 31(1): 23-39.

**Fuertes-Olivera, P.A. and S. Tarp.** 2020. A Window to the Future: Proposal for a Lexicography-assisted Writing Assistant. *Lexicographica* 36: 257-286.

**Gouws, R.H. and S. Tarp.** 2017. Information Overload and Data Overload in Lexicography. *International Journal of Lexicography* 30(4): 389-415.

**Granger, S. and M. Paquot.** 2015. Electronic Lexicography Goes Local: Design and Structures of a Needs-driven Online Academic Writing Aid. *Lexicographica* 31(1): 118-141.

**Grefenstette, G.** 1998**.** The Future of Linguistics and Lexicographers: Will There Be Lexicographers in the Year 3000? Fontenelle, T., P. Hiligsmann, A. Michiels, A. Moulin and S. Theissen (Eds.). 1998. *Proceedings of the Eighth EURALEX International Congress in Liège, Belgium*: 25-41. Liège: English and Dutch Departments, University of Liège.

**Hanks, P.** 2013. Lexicography from Earliest Times to the Present. Allan, K. (Ed.). 2013. *The Oxford Handbook of the History of Linguistics*: 503-536. Oxford: Oxford University Press.

**Huete-García, Á. and S. Tarp.** 2024. Training an AI-based Writing Assistant for Spanish Learners: The Usefulness of Chatbots and the Indispensability of Human-assisted Intelligence. *Lexikos* 34. (to appear)

**Nomdedeu-Rull, A. and S. Tarp.** 2024. *Introducción a la lexicografía en español: funciones y aplicaciones.* London: Routledge. (to appear)

**Norman, D.** 2013. *The Design of Everyday Things*. New York: Basic Books.

**Omelianchuk, K., V. Atrasevych, A. Chernodub and O. Skurzhanskyi**. 2020. GECToR ― Grammatical Error Correction: Tag, Not Rewrite. Burstein, J., E. Kochmar, C. Leacock, N. Madnani, I. Pilán, H. Yannakoudakis and T. Zesch (Eds.). 2020. *Proceedings of the 15th Workshop on Innovative Use of NLP for Building Educational Applications*: 163-170. Seattle: Association for Computational Linguistics.

**Rundell, M.** 2012**.** The Road to Automated Lexicography: An Editor's Viewpoint. Granger, S. and M. Paquot (Eds.). 2012. *Electronic Lexicography*, 15-30. Oxford: Oxford University Press.

**Tarp, S.** 2019. Connecting the Dots: Tradition and Disruption in Lexicography. *Lexikos* 29: 224-249.

**Tarp, S.** 2020: Integrated Writing Assistants and their Possible Consequences for Foreign-Language Writing and Learning. Bocanegra-Valle, A. (Ed.). 2020. *Applied Linguistics and Knowledge Transfer: Employability, Internationalization and Social Challenges*: 53-76. Bern: Peter Lang.

**Tarp, S.** 2022a. A Lexicographical Perspective to Intentional and Incidental Learning: Approaching an Old Question from a New Angle. *Lexikos* 32(2): 203-222.

**Tarp, S.** 2022b**.** Turning Bilingual Lexicography Upside Down: Improving Quality and Productivity with New Methods and Technology. *Lexikos* 32: 66-87.

**Tarp, S. and R.H. Gouws.** 2019. Lexicographical Contextualization and Personalization: A New Perspective. *Lexikos* 29: 250-268.

**Tarp, S. and R.H. Gouws.** 2020. Reference Skills or Human-Centered Design: Towards a New Lexicographical Culture. *Lexikos* 30: 470-498.

**Tarp, S. and R.H. Gouws.** 2023. A Necessary Redefinition of Lexicography in the Digital Age: Glossography, Dictionography and Implications for the Future. *Lexikos* 33: 425-427.

**Tarp, S. and A. Nomdedeu-Rull.** 2024. Who has the Last Word? Lessons from Using ChatGPT to Develop an AI-based Spanish Writing Assistant. *Círculo de lingüística aplicada a la comunicación* 97. (to appear)

**Tarp, S., K. Fisker and P. Sepstrup.** 2017. L2 Writing Assistants and Context-Aware Dictionaries: New Challenges to Lexicography. *Lexikos* 27: 494-521.

**Verlinde, S. and G. Peeters.** 2012. Data Access Revisited: The Interactive Language Toolbox. Granger, S. and M. Paquot (Eds.). 2012. *Electronic Lexicography*: 147-162. Oxford: Oxford University Press.

# Semantiese betrekkinge en woordeboekstrukture in 'n Afrikaanse tesourus

Michele F. van der Merwe, *Departement Kurrikulumstudie: Afrikaans, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch (michelevdm@sun.ac.za)*

**Opsomming:** In 'n tesourus word die struktuur van die woordeskat en die besondere verhoudings tussen die leksikale items in daardie woordeskat op die voorgrond geplaas. 'n Woordeskat vertoon 'n bepaalde struktuur waarbinne die verskillende leksikale items op grond van veral hulle betekenisse met mekaar saamhang. Die onderwerp van hierdie navorsing is die leksikografiese aanbieding van onderskeie semantiese betrekkinge tussen leksikale items in die verskillende uitgawes van die *Groot Tesourus van Afrikaans*. In 'n vergelykende studie tussen die twee uitgawes word die volgende navorsingsvraag gevra: Watter veranderings en verskille, indien enige, kan daar ten opsigte van die aanbieding van semantiese betrekkinge tussen die twee uitgawes waargeneem word? Semantiese betrekkinge tussen leksikale items (onder andere sinonimie, hiponimie en teenoorgesteldheid) en die aanbieding daarvan in albei tesourusuitgawes word belig. Die leksikografiese hantering van semantiese betrekkinge word bespreek teen die agtergrond van die leksikografieteorie rakende woordeboekstrukture en e-leksikografie. Aanbevelings ten opsigte van 'n meer gebruikersgerigte hantering van semantiese betrekkinge word gemaak, ook met betrekking tot 'n elektroniese tesourus.

**Sleutelwoorde:** TESOURUS, SINONIEM, TEENOORGESTELDHEID, HIPONIEM, MERONIEM, SEMANTIESE VERHOUDING, WOORDEBOEKSTRUKTUUR, KONTEKSTUELE LEIDING, GEBRUIKERSGERIG, ELEKTRONIESE TESOURUS

**Abstract: Semantic Relations and Dictionary Structures in an Afrikaans Thesaurus.** In a thesaurus, the structure of the vocabulary and the particular relationships between the lexical items in that vocabulary are foregrounded. A vocabulary shows a specific structure within which the different lexical items are connected to each other based on especially their meanings. The topic of this research is the lexicographic presentation of different semantic relations between lexical items in the different editions of the *Groot Tesourus van Afrikaans* and the *Pharos Tesourus van Afrikaans*. In a comparative study between the two editions, the following research question is asked: What changes and differences, if any, can be observed regarding the presentation of semantic relations between the two editions? Semantic relations between lexical items (among others synonymy, hyponymy and oppositeness) and their presentation in both thesaurus editions are highlighted. The lexicographic handling of semantic relations is discussed against the background lexicography theory regarding dictionary structures and e-lexicography. Recommendations regarding a more user-oriented handling of semantic relations are made, also in relation to an electronic thesaurus.

**Keywords:** THESAURUS, SYNONYM, OPPOSITE, HYPONYM, MERONYM, SEMANTIC RELATIONS, DICTIONARY STRUCTURE, CONTEXTUAL GUIDANCE, USER DIRECTED, ELECTRONIC THESAURUS

## 1.      Inleiding

Die *Groot Tesourus van Afrikaans* (voortaan GT), verskyn in 1994 en 26 jaar later word 'n uitgebreide hersiene uitgawe, naamlik die *Pharos Tesourus van Afrikaans* (voortaan TA), deur dieselfde samestellers gepubliseer.

Die tesourus is tematies georden en beskik oor drie tematies geordende toegangstrukture, naamlik die indeks, die klassifikasieplan en 'n sentrale teks. Die klassifikasieplan is identies vir beide uitgawes, aangesien dit "'n aftekening van ons konseptuele leefwêreld is" (De Stadler 2022).

In die tesourus is daar 855 konsepte ingedeel onder groter konsepkategorieë. Leksikale items wat op die genommerde konsepte betrekking het, is dan daaronder ingedeel. Sommige konsepbenamings het verander. Daar is oor die 140 000 leksikale items ingedeel in dié raamwerk, met 20 000 nuwe items. 'n Vernuwende rigting is ingeslaan deur die opname van meer variëteite van Afrikaans (De Stadler 2022).

Die 2020-uitgawe is ook elektronies beskikbaar via 'n intekenportaal van die uitgewer, Pharos. Met bestudering van die elektroniese weergawe blyk dit 'n identiese weergawe van die hardekopie-uitgawe te wees, met die enigste ooglopende verskil die voordeel om met behulp van rekenaartegnologie 'n aanlyn soektog na leksikale items uit te voer.

Die fokus van hierdie artikel is op die aanbieding van semantiese betrekkinge deur die twee verskillende uitgawes van die tesourus. 'n Vergelykende studie tussen die GT en TA word uitgevoer ten einde die volgende navorsingsvraag te beantwoord: Watter veranderinge en verskille, indien enige, ten opsigte van die aanbieding van semantiese betrekkinge kan tussen die twee uitgawes waargeneem word? Terselfdertyd word die aanbieding van semantiese betrekkinge teen die agtergrond van die leksikografiese teorie rakende woordeboekstrukture en e-leksikografie bespreek. Dit sluit aan by die leksikografiese teorie van die gebruikersgerigtheid van 'n tesourus. Hoe suksesvol word gebruikersgerigtheid ten opsigte van die aanbieding van semantiese betrekkinge in beide publikasies nagevolg? Die uitgangspunt van die artikel is dat gebruikersgerigtheid ten opsigte van die oordrag van semantiese betrekkinge suksesvol kan figureer alleenlik wanneer voldoende kontekstuele leiding aan die gebruiker verskaf word.

Eerstens word die eiesoortige tematiese aard van 'n tesourus bespreek; tweedens word semantiese betrekkinge tussen leksikale items (onder andere sinonimie, hiponimie en teenoorgesteldheid) en die aanduiding daarvan in beide tesourusse belig; en derdens word woordeboekstrukture en semantiese betrekkinge in 'n elektroniese tesourus met verwysing na toepaslike leksikografiese voorbeelde ontleed. Aanbevelings word gemaak en moontlike wysigings

voorgestel vir meer gepaste leksikografiese hantering van tesourusartikels, ook gesien in die lig van die eiesoortige aard van 'n elektroniese tesourus.

## 2.    Onomasiologiese benadering van 'n tesourus

Tydens 'n literatuursoektog blyk dit dat 'n tesourus nie baie aandag geniet in leksikografiekringe nie en nog minder in die Afrikaanse leksikografie. Bronne wat opgespoor kon word, sluit in 'n artikel van prof. R.H. Gouws (2017), aan wie hierdie bundel opgedra word, asook 'n resensie oor die GT deur Van Schalkwyk (1996). Gouws (2017: 133) verwys na die belangrike bydrae van die GT tot die Afrikaanse leksikografie. Met die strekking van beide artikels in ag geneem, lewer die tesourus 'n beduidende bydrae tot die Afrikaanse leksikografie en is daarom dus navorsingswaardig. (Die skrywer is bewus van *Woordkeusegids: 'n Kerntesourus van Afrikaans* in 1992 deur Southern Boekuitgewers gepubliseer en in 2006 as *Sinonieme en verwante woorde* deur Pharos heruitgegee. Dit is tans aanlyn beskikbaar, maar vorm dit nie deel van die fokus van hierdie artikel nie. Vos resenseer die tesourus in 1994.)

Gouws (2017: 133) wys in die tipologiese klassifikasie van woordeboeke op die tesourus as die een opvallende uitsondering op die alfabetiese ordening van woordeboeke en beskryf 'n tesourus as 'n woordeboeksoort wat met sy onomasiologiese benadering 'n ordening volgens begrippe eerder as 'n alfabetiese ordening van woorde daarstel. 'n Ordening volgens begrippe, met ander woorde 'n tematiese ordening, is volgens Gouws (2017: 134) kenmerkend van vroeëre leksikografiese werke. Leksikograwe het geredeneer dat 'n woordeboek as houer van kennis 'n afspieëling moes wees van die menslike verstand (die bekendste houer van kennis) en dat die menslike verstand nie alfabeties georden is nie, maar dat 'n mens eerder tematies dink (Gouws 2017: 134).

Dit is opvallend dat die onomasiologiese aard van 'n tesourus telkens deur navorsers as 'n wesenlike kenmerk aangedui word wanneer daar oor 'n tesourus navorsing onderneem word. Marello (1989: 1083) beskryf 'n tesourus as 'n woordeboek waarin die leksikale items gerangskik word met inagneming van hulle verhouding tot bepaalde konsepte of konsepkategorieë, maar ook met inagneming van hul onderlinge betekenisbetrekkinge. Hartmann en James (2000: 142) verwys na die sistematiese opsporing van sinoniemnetwerke tussen woorde binne semantiese domeine. Kilgarriff en Yallop (2000: 1373) definieer 'n tesourus as 'n bron waar woorde met soortgelyke betekenisse saamgegroepeer is. Volgens Kay en Alexander (2016: 367) is 'n tesourus 'n leksikografiese naslaanwerk wat leksikale feite binne semantiese domeine weergee. 'n Tesourus vermeng feite rakende taal met feite rakende die wêreld waarin taal gebruik word en as gevolg daarvan verteenwoordig die klassifikasiesisteem 'n sintese van die konseptuele woordeskat van 'n taal en die relatiewe plek van elke konsep in die groter konseptuele sisteem waarvan dit deel vorm (Kay en Alexander 2016: 367).

Volgens Hartmann (2005: 78) is konvensionele tesourusse wesenlik onomasiologies, aangesien dit gewoonlik met 'n gegewe konsep begin waarna die

mees toepaslike woord(e) gevind moet word. Aangesien die onomasiologiese aard van 'n tesourus as wesenskenmerk beskou word en dit as't ware die tesourus se konseptualisering rig, beskik 'n tesourus na verwagting oor 'n relevante teoretiese leksikografiese fundering. 'n Leksikografiese fundering kan spesifieke woordeboekstrukture insluit, gegrond op die teorie van woordeboekstrukture volgens Wiegand[1] (2002; 2003; 2005), asook 'n gebruikersgerigte paradigma. 'n Gebruikersgerigte paradigma voorveronderstel leksikografiese inligtingsoordrag op 'n betekenisvolle wyse met voldoende steun aan die gebruiker om die besondere aard van die tesourus voordelig te vind tydens woordeboekkonsultasie. Inligting oor semantiese betrekkinge en die weergee van byvoorbeeld 'n semantiese konseptualiseringsraamwerk wat tot effektiewe inligtingsontsluiting lei, kan as gebruikersgerigtheid beskou word.

In die volgende afdeling word daar na verskillende semantiese betrekkinge verwys wat in 'n tesourus figureer.

## 3.    Semantiese betrekkinge

Konsepte in 'n tesourus word met inagneming van hul onderlinge betekenisbetrekkinge rangskik (Marello 1989: 1083). In 'n tesourus word die struktuur van die woordeskat en die besondere verhoudings wat tussen die leksikale items in daardie woordeskat bestaan op die voorgrond geplaas. 'n Woordeskat vertoon 'n bepaalde struktuur waarbinne die verskillende leksikale items op grond van veral hulle betekenisse met mekaar saamhang.

Volgens De Stadler en De Stadler (2021: voorwoord) kan verskillende soorte verhoudings binne hierdie struktuur onderskei word, waaronder veral die volgende vier:

a.    Sinonimie, die verhouding tussen twee woorde waarvan die betekenisse min of meer dieselfde is, soos in die geval van *gierigheid*, *behaagsug* en *hebsug*.
b.    Teenoorgesteldheid, die verhouding wat bestaan tussen twee woorde waarvan die betekenisse in opposisie tot mekaar staan, soos in die geval van *liefde* en *haat*.
c.    Hiponimie, die verhouding tussen 'n superordinate term (oorkoepelende term) en daardie terme wat as subordinate (of hiponieme) dien. Dit is die verhouding wat bestaan tussen 'n woord soos *dier* en sy subordinate of hiponieme *bees*, *skaap*, *koedoe*, *springbok*, *leeu*, *renoster*, *olifant*, ens.
d.    Die deel-geheel-verhouding (meronimie), 'n verhouding wat bestaan tussen woorde soos *voertuig* en *stuurwiel*.

'n Tradisionele, kumulatiewe tesourus verskaf slegs 'n geklassifiseerde inventaris van sinonieme of ander semanties verwante items sonder verdere betekenisverklarings of gebruiksverklarings, en leksikale items word onder 'n bepaalde konsep gerangskik sonder om vir hulle betekenisverklarings aan te bied. In die voorwerk van GT word genoem dat dit veral tot sy reg sal kom as die tesourus

saam met 'n goeie verklarende woordeboek gebruik word (De Stadler en De Stadler 2021: voorwoord). Die implikasie is dus dat tesourusgebruikers addisionele ondersteuning met behulp van 'n verklarende woordeboek kan benodig. Addisionele ondersteuning met betrekking tot betekenisverklarings, polisemiese onderskeidings en semantiese verhoudings kan moontlik benodig word. Taalgebruikers benodig inligting rakende die nuanses van woorde sowel as sintaktiese, semantiese en pragmatiese kennis vir doeltreffende taalgebruik. In die volgende afdeling word 'n tesourus se hantering van sinonimie ondersoek.

### 3.1    Sinonimie

Die voorkoms van sinonimie in tesourusse word deur verskeie navorsers bespreek, naamlik Marello (1989), Kilgarriff en Yallop (2000), Peters en Kilgarriff (2000), Hüllen (2006), Knappe (2013), Murphy (2013), asook Gao en Liu (2019).

Volgens Murphy (2016: 442) bereik die studie van semantiese betrekkinge tussen woorde 'n hoogtepunt in die teorie van strukturele semantiek van die Saussure-, Bally- en Wortfeld-bewegings. Lyons en Lehrer ontwikkel verdere teorie vir semantieseveldebenaderings (Murphy 2016: 442). Daarvolgens word 'n semantiese leksikon intern gestruktureer volgens sinonimie, teenstelling en hiponimie. Murphy (2016: 442) wys daarop dat die benadering ten opsigte van semantiese komponent-ontleding voorsiening maak vir die aflei van verhoudinge tussen betekenisonderskeidings van woorde se betekeniskomponente: sinonieme deel sleutelkomponente, antonieme verskil in 'n sleutelkomponent en hiponieme beskik oor dieselfde komponente as hulle subordinate, plus ten minste een addisionele komponent.

Zgusta[2] (1971: 89) beskryf sinonieme as woorde met verskillende vorme, maar met identiese betekenis. Volgens Zgusta (1971: 89) kan die veronderstelde identiese betekenis op twee wyses verstaan word: eerstens as 'n absolute identiteit of tweedens as 'n baie groot ooreenkoms. Die absolute identiteit van leksikale betekenis is uiters ongewoon en kom volgens Zgusta (1971: 89) dus nie baie voor nie. Hy stel dus eerder die gebruik van naby-sinonieme in die leksikografie voor, met die veronderstelling dat een van die drie basiskomponente van betekenis (te wete aanduiding, konnotasie en toepassing) teenwoordig is.

Die leksikografiese hantering van naby-sinonimie noodsaak twee tipes inligting, naamlik sinoniemidentifikasie en sinoniemdifferensiasie (Murphy 2016: 449). Sinoniemdifferensiasie word byvoorbeeld in spesiale ingevoegde tekste in sinoniemwoordeboeke verskaf, maar tesourusse wat sinonieme lys is meer algemeen (Murphy 2016: 449). Tydens sinoniemlysting stel 'n tesourus een sinoniem as die mees neutrale lid van die kategorie voor en dit word die sentrale sinoniem, kernsinoniem of voorkeursinoniem genoem (Van Sterkenburg in Murphy 2016). TA hanteer byvoorbeeld *dood* as die sentrale sinoniem en lys *sterfte, sterfgeval, oorlye* as deftig en verouderd, en *einde, graf, slaap, die ewige slaap* as sinonieme. Die sinoniemlysting bevat naby-sinonieme met wisselende mate

van formaliteit en gebruiksfere. Naby-sinonieme soos *sterfte, sterfgeval* en *oorlye* kan as voorbeelde van meer formele taalgebruik beskou word, *einde* as informele taal en *slaap, die ewige slaap* as eufemisties. Tesourusgebruikers is produktiewe skeppers van tekste en soek dikwels meer formele woorde om die minder formele of kru woorde te vervang waaraan hulle gedink het (Murphy 2016: 449). Tydens die sinoniemlysting in TA word geen kontekstuele leiding aan die gebruiker gebied om tussen die wisselende mate van formaliteit en gebruiksfeer te onderskei nie.

Vervolgens word etlike lukraak gekose artikels se hantering van sinonimie met verwysing na GT en TA bespreek. In sommige gevalle word verskille en/of verbeterings tussen die twee uitgawes van die tesourus waargeneem.

Eerstens word die sinoniemlysting van *kok* onder die artikel 419 Voedselbereiding in GT en TA bespreek. In beide uitgawes word *kok* as sentrale sinoniem gelys. Die inskrywing in GT is soos volg:

**kok**, koksmaat, sjef, bereider, spysenier, huishoudkundige

**Figuur 1:**    kok, uittreksel uit *Groot Tesourus van Afrikaans* (artikel verkort)

Die sinoniemlysting bevat sinonieme met aansienlike verskille in gebruiksfeer en betekenis. Daar is beduidende nuanseverskille tussen 'n <u>sjef</u> en 'n <u>koksmaat</u>, 'n <u>bereider</u> en 'n <u>spysenier</u>, en 'n <u>huishoudkundige</u> en 'n <u>koksmaat</u>.

In die artikel van TA kan 'n verskil waargeneem word, naamlik die byvoeging van die woord *huiskok*. Die inskrywing in TA is soos volg:

*kok*, huiskok, koksmaat, sjef, bereider, spysenier, huishoudkundige

**Figuur 2:**    kok, uittreksel uit *Tesourus van Afrikaans* (aanlyn weergawe) (artikel verkort)

Die woord *huiskok* kan heel moontlik eerder as 'n subordinaat van die woord *kok* in die hiponimiese verhouding tussen die leksikale items beskou word. In beide artikels word nie rekenskap gegee van verskille in die sinoniemlysting nie en onvoldoende gebruiksleiding word verskaf. Deur te verwys na opleidingsverskille of die moontlike plek waar die persone werk, byvoorbeeld 'n <u>sjef</u> in 'n hotel of restaurant en 'n <u>koksmaat</u> op 'n skip, kan meer konteks aan die gebruiker verskaf word.

Tweedens word sinoniemlysting van *predikant* onder die artikel 849 Prediking in GT en TA bespreek. In beide uitgawes word *predikant* as sentrale sinoniem gelys. Die inskrywing in GT is soos volg:

**predikant** 852, dominee, herder, sieleherder, prediker 852, hulpprediker, leke-prediker, straatprediker, leraar, lerares, hulpleraar, hulplerares, wyksleraar, wykslerares, kapelaan, weermagkapelaan, polisiekapelaan, evangeliedienaar, eerwaarde, pastoor, pastor, priester, priesteres, vader, monseigneur, pater, deken, aartsdeken, biskop 852, aartsbiskop, kardinaal, pous, rabbi, ghoeroe, imam, chatieb, geestelike, sendeling, sendingwerker, sendingwerkster, straat-werker, apostel, dissipel, ouderling, ouderlingsvrou, diakonie, diaken, diakones, diakensvrou, altaardienaar, koster, kosterin, orrelis, orreliste, kerkorrelis

**Figuur 3:**    predikant, uittreksel uit *Groot Tesourus van Afrikaans* (artikel verkort)

Daar bestaan nuanseverskille tussen byvoorbeeld 'n <u>sieleherder</u> en 'n <u>prediker</u>, 'n <u>hulpprediker</u> en 'n <u>lekeprediker</u>, 'n <u>straatprediker</u> en 'n <u>leraar</u>, 'n <u>wykslerares</u> en 'n <u>kapelaan</u>, en 'n <u>evangeliedienaar</u> en 'n <u>eerwaarde</u>. Dit is 'n voorbeeld van semanties verwante woorde wat langs mekaar gegroepeer word en met behulp van kommas van mekaar geskei word. Dit laat die gebruiker onder die indruk dat hulle naby-sinonieme of sinonieme is, terwyl dit nie die geval is nie. 'n Gebrek aan konteksleiding veroorsaak dat gebrekkige inligtingsoordrag plaas-vind en dat die gebruiker nie voldoende leiding ontvang nie.

*predikant* 852, dominee, herder, sieleherder, prediker 852, evangelis, hulpprediker, lekeprediker, straatprediker, leraar, lerares, hulpleraar, hulplerares, wyksleraar, wykslerares, kapelaan, weermagkapelaan, polisiekapelaan, evangeliedienaar, eerwaarde, pastoor, pastor, priester, priesteres, vader, monseigneur, pater, deken, aartsdeken, offisiant, biskop 852, aartsbiskop, kardinaal, pous, rabbi, ghoeroe, imam, chatieb, gatiep, geestelike, sendeling, missionaris, sendingwerker, sendingwerkster, straatwerker, apostel, dissipel, ouderling, ouderlingsvrou, diakonie, diaken, diakones, diakensvrou, altaardienaar, koster, kosterin, orrelis, orreliste, kerkorrelis; predikamp

**Figuur 4:**    predikant, uittreksel uit *Tesourus van Afrikaans* (aanlyn weergawe) (artikel verkort)

Met 'n eerste lees word en met behulp van 'n elektroniese woordtelling word gemerk dat die artikel van GT uit 58 leksikale items bestaan en die artikel van TA uit 63 leksikale items. Sekere verskille tussen die twee uitgawes kan waarge-neem word, naamlik die byvoeging van leksikale items in TA.

Die eerste vier naby-sinonieme en hulle volgorde is identies in beide arti-kels. Twee leksikale items word as naby-sinonieme in TA bygevoeg, naamlik *evangelis* (ook eerste genoem) en *offisiant*. Volgens die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) word die woord *evangelis* as "'n ongeordende prediker" verklaar en 'n *offisiant* as "priester wat die mis opdra". Laasgenoemde is van 'n etiket, naamlik "Rooms-Katoliek" voorsien. Die woord *evangelis* beskik oor drie polisemiese onderskeidings, wat die semantiese intrige verder kompliseer. Die twee woorde kan dus nie as naby-sinonieme gelys word nie. Konteksgebaseerde leiding word nie verskaf nie, maar ter versagting kan daar aangevoer word dat *offisiant* tussen *aartsdeken* en *biskop* staan en as deel van die gebruiksfeer beskou

behoort te word; iets waarvan 'n gesofistikeerde tesourusgebruiker moontlik bewus kan wees.

Die artikel in TA word met drie leksikale items uitgebrei, naamlik *chatieb*, *gatiep* en *predikamp*. Die eersgenoemde twee woorde is geensins naby-sinonieme nie, maar is wisselvorme van mekaar en behoort so aangedui te word.

Die woord *predikamp* word met 'n kommapunt van ander gelyste woorde geskei. Volgens die toeligtende aantekeninge skei kommas leksikale items in 'n artikel en word kommapunte gebruik om fyner onderskeidings aan te dui. 'n Betekenisverskil kan dus tussen die gelyste groep naby-sinonieme en *predikamp* bestaan. Die toeligting in verband met die gebruik van die tipografiese konvensies in hierdie verband is nie voldoende nie, aangesien die gebruiker nie weet of daar 'n sinonimiese betrekking al dan nie tussen die leksikale items bestaan nie. Die gebruiker weet ook nie in watter volgorde, indien enige, die leksikale items verskaf word nie.

Derdens word semantiese betrekkings tussen leksikale items van *atletiekbroekie* onder die artikel 729 Atletiek in GT en TA bespreek.

In die GT-artikel word daar nie sinonieme of naby-sinonieme van die lemma verskaf nie; vergelyk byvoorbeeld **atletiekbroekie** wat 'n subparagraaf onder *atletiek* vorm. Daar kom *atletiekfrokkie, atletiekskoen, hardloopskoen, spykerskoen, wegspringblokke, skyf, werpskyf, diskus, gewig, spies, hamer, hoogspringpale, dwarslat, paalspringtoerusting, paal, springpaal, springstok, hekkie, stophorlosie* voor. Die leksikale items kan nie as sinonieme of naby-sinonieme van mekaar of van die sentrale sinoniem **atletiekbroekie** beskou word nie. Dit wil voorkom asof leksikale items lukraak bymekaar gebondel is in 'n artikel, met geen waarneembare semantiese betrekking tussen mekaar of ten opsigte van hul gebruik of betekenis nie.

In TA word die artikel aansienlik verbeter met die vervanging van **atletiekbroekie** met die leksikale item *atletiektoerusting*. Die leksikale item *atletiektoerusting* dien as hiponiem vir die subordinate *atletiekdrag, atletiekklere, atletiekbroekie, atletiekfrokkie, atletiekskoen, hardloopskoen, spykerskoen, wegspringblokke, skyf, werpskyf, diskus, gewig, spies, hamer, hoogspringpale, dwarslat, paalspringtoerusting, paal, springpaal, springstok, hekkie, stophorlosie* en die korrekte semantiese verhouding tussen leksikale items word verskaf.

Alhoewel leksikale items tot dieselfde semantiese veld behoort, word hulle bymekaar gebondel in groot en losse groepe, en geen leiding word aan die gebruiker verskaf oor hul presiese betekenis en toepassing nie. Daar word nie voldoende tussen die betekenis en die gebruik van die leksikale items onderskei nie. Die volle semantiese prentjie word dus nie aan die gebruiker verskaf nie. Met innovasie kan die saak reggestel word en 'n beter tesouruservaring kan aan die gebruiker gebied word. Daar kan op 'n deurlopende basis konteksleiding aan die gebruiker verskaf word, veral met die gebruik van etikette of ingevoegde tekste. Konteksleiding, waar 'n leksikale item gekwalifiseer word deur verdere semantiese onderskeidinge te verskaf, kan ook tussen hakies na die spesifieke leksikale item voorsien word.

Murphy (2016: 449) wys daarop dat die semantiese betrekkinge in tesourusartikels in *The New Collins Thesaurus* van so 'n aard is dat die sinoniempad tussen woorde en hul sinonieme in die meeste gevalle binne ses stappe na semantiese teenstelling lei. As voorbeeld word *authentic* genoem wat tot die teenstelling *unauthentic* lei:

*authentic-believable-probable-ostensible-pretended-spurious-unauthentic.*

Vergelyk die hantering van *vermoedelik* in die subparagraaf onder die artikel *glo* in TA, wat binne vier stappe tot die teenstellings *agterdogtig, wantrouig, onseker, twyfelagtig* lei. Die semantiese teenstelling volg na 'n kommapunt as struktuurmerker.

**vermoedelik**, hipoteties, konjekturaal, vooropgeset, stellig; agterdogtig, wantrouig, onseker, twyfelagtig

**Figuur 5:**  vermoedelik, uittreksel uit *Tesourus van Afrikaans* (aanlyn weergawe) (artikel verkort)

Vervolgens word 'n verdere semantiese betrekking tussen leksikale items ondersoek, naamlik teenstelling.

### 3.2    Semantiese teenstelling

Binêre opposisie is een van die belangrikste eienskappe van taalstrukture en volgens Lyons (1977: 271, 272) kan die opvallendste manifestasie hiervan in antonimie gevind word. Lyons (1977: 271, 272) definieer 'n aantal terme, naamlik *kontras, teenstelling, antonimie, gradeerbare teenstelling* en *komplementêre teenstelling*. *Kontras* is die algemeenste term en dra geen implikasie nie. *Teenstelling* word beperk tot digotomie of binêre kontraste. *Antonimie* word beperk tot gradeerbare teenstelling, byvoorbeeld *groot-klein* of *hoog-laag*. *Gradeerbare teenstelling* manifesteer die eienskap van polariteit die beste van alle ander teenoorgesteldheid, byvoorbeeld *lank–kort* of *vinnig–stadig*. *Komplementêre teenoorgesteldheid* verwys na ongradeerbare opposisie, naamlik *manlik–vroulik*. Bosman en Pienaar (2014: 261) onderskei ook die voorkoms van *omkeerbare teenoorgesteldes*, waar leksikale items sintakties as teenoorgesteldes beskou word, byvoorbeeld *pasiënt–dokter*.

Die voorkoms van semantiese teenstelling in 'n tesourus kan gebruikers ondersteun om 'n leksikale item dadelik in 'n semantiese veld te plaas en sodoende kan betekenisbetrekkinge duideliker raak vir die tesourusgebruiker. Duideliker betekenisbetrekkinge kan 'n tesourus meer soortgelyk aan die gebruiker se mentale leksikon maak.

Betrekkinge van semantiese teenstelling word in die verskillende strukture van GT en TA aangetref, te wete die inhoudsopgawe, klassifikasieplan en

sentrale teks. In die inhoudsopgawe van beide tesourusse word byvoorbeeld na *skepping, lewe* en *dood, vreugde* en *droefheid, hoop* en *wanhoop, moed* en *vrees, gramskap* en *sagmoedigheid, liefde* en *haat* verwys. Die betrekkinge word nie pertinent aangedui of aan die gebruiker uitgewys met behulp van struktuurmerkers nie.

Die klassifikasieplan bestaan eweneens uit 'n digotomie van teenoorgesteldes wat vindbaar is aangesien hulle in numeriese volgorde is en langs mekaar in die klassifikasieplan voorkom. Vergelyk byvoorbeeld *bestaan* en *nie-bestaan, selfstandigheid* en *onselfstandigheid* onder die hofie *Bestaan* in die klassifikasieplan. Met die lees van die klassifikasieplan kan die oplettende tesourusgebruiker 'n netwerk van semantiese betrekkings ontdek. Dit word egter nie aan die gebruiker verduidelik nie. Die gebruik van struktuurmerkers kan hier van groot waarde wees, aangesien dit gebruik kan word om betrekkinge van teenoorgesteldheid vir die gebruiker aan te dui.

Indien daar 'n betrekking van teenoorgesteldheid tussen die leksikale items bestaan, volg hul op mekaar in die klassifikasieplan en in die sentrale teks (tesourusgedeelte). Die volgende lemmas volg op mekaar in GT en staan in 'n betrekking van teenoorgesteldheid ten opsigte van mekaar: (158) *opstyg* – (159) *neerdaal*, (161) *bedek* – (162) *ontbloot*, (211) *opgaan* – (212) *afgaan*, (249) *lewe* – (250) *dood*, (631) *nodig* – (632) *onnodig* en (633) *nuttig* – (634) *nutteloos*. In TA is die tersaaklike lemmas behou met een verandering, naamlik (158) word vervang met *na bo* en (159) met *na onder*. Alle leksikale items wat op mekaar volg, staan egter nie in 'n betrekking van teenoorgesteldheid ten opsigte van mekaar nie.

Vervolgens word 'n voorbeeld in die sentrale teks van GT bespreek. In die artikel 590 *Bestuur* kom die subartikel *regeer*, wat 'n subparagraaf vorm, voor. Die eerste sewe leksikale items wat as inskrywings verskaf word, kan as naby-sinonieme van mekaar beskou word, naamlik *gesag uitoefen, staatsgesag uitoefen, die land bestuur, die bewind voer, heers, heerskappy voer, bevel voer.* Dan volg 'n hele aantal leksikale items wat nie sinonieme van *regeer* is nie. Geen konteksleiding word verskaf nie en die gebruiker word in die duister gelaat oor hul semantiese betrekking met die lemma *regeer* en met mekaar. Die volgende leksikale items volg na die kommapunt (wat fyner betekenisonderskeidinge aandui): *politiek bedryf, verpolitiseer, institusionaliseer, demokratiseer, nasionaliseer, privatiseer, die gesag sentraliseer, desentraliseer, gesag afwentel, sit (die parlement), in sitting wees, debat voer (parlementêre - - ), 'n spreekbeurt neem, eerste lesing van 'n wetsontwerp hou, promulgeer ('n wet -), afkondig ('n wet -), interpelleer, 'n regering saamstel, 'n portefeulje hê, van portefeulje verander.*

Bevredigende oordrag van semantiese betrekkinge vind nie plaas nie en 'n voorstel in hierdie verband word gemaak: 'n Verdere onderskeid kan tussen die leksikale items getref word met behulp van 'n struktuurmerker. Die simbool ◉ kan byvoorbeeld gebruik word om leksikale items wat semanties nader aan mekaar verwant is, te groepeer. Konteksleiding kan tussen hakies verskaf word. Die res van die artikel kan soos volg daar uitsien:

politiek bedryf ◎ verpolitiseer ('n saak) ◎ institusionaliseer (instel), saamstel (regering), sentraliseer, desentraliseer, (gesag) afwentel ◎ demokratiseer, nasionaliseer, privatiseer ◎ sit (parlement), in sitting wees, (parlementêre) debat voer, spreekbeurt neem, interpelleer, eerste lesing van wetsontwerp hou ◎ (wet) afkondig of promulgeer ◎ 'n portefeulje hê, van portefeulje verander.

Van die leksikale items wat in die artikel saamgebondel is, kan as teenoorgesteldes van mekaar beskou word en nie as sinonieme of naby-sinonieme nie; vergelyk *nasionaliseer* en *privatiseer, die gesag sentraliseer* en *desentraliseer*. Die leksikograaf maak ongelukkig nie melding van hierdie betekenisbetrekkinge nie.

Met 'n vergelyking van die TA-inskrywing blyk dit dat die inhoud van die artikel onveranderd gebly het.

*regeer* 588, gesag uitoefen, staatsgesag uitoefen, die land bestuur, aan bewind wees, die bewind voer, heers, heerskappy voer, bevel voer; politiek bedryf, verpolitiseer, institusionaliseer, demokratiseer, nasionaliseer, privatiseer, die gesag sentraliseer, desentraliseer, gesag afwentel, sit (die parlement 590. Bestuur en regeer), in sitting wees, debat voer (parlementêre 590. Bestuur en regeer 590. Bestuur en regeer), 'n spreekbeurt neem, eerste lesing van 'n wetsontwerp hou, promulgeer ('n wet 590. Bestuur en regeer), afkondig ('n wet 590. Bestuur en regeer), interpelleer, 'n regering saamstel, 'n kabinet saamstel, 'n portefeulje hê, van portefeulje verander

**Figuur 6:**  regeer, uittreksel uit *Tesourus van Afrikaans* (aanlyn weergawe) (artikel verkort)

Dieselfde aanbeveling kan dus ook by TA gemaak word. Kruisverwysings kan op 'n konsekwente wyse gebruik word om semantiese betrekkinge suksesvol aan te dui.

Die derde algemene semantiese betrekking wat deurgaans in tesourusse voorkom, naamlik hiponimie, word in die volgende afdeling bespreek.

### 3.3    Hiponimie

Hiponimie en meronimie word volgens Murphy (2016: 443) as simmetriese of hiërargiese betrekkings beskou, aangesien indien A 'n tipe (deel van) B is, B nie 'n tipe (deel van) A kan wees nie. Die gebrek aan simmetrie maak hierdie betrekkings belangrik in die definiëringsproses, aangesien 'n definiendum beskryf kan word sonder om sirkeldefiniëring te gebruik. Hiponimie en meronimie word direk in nielinguistiese betrekkinge tussen denotata reflekteer (Murphy 2016: 443). Hiponimie kan gedefinieer word as 'n semantiese betrekking van insluiting en Bosman en Pienaar (2014: 264) verskaf die volgende voorbeelde: *affodil–blom*; *hond–dier*. Die betrekking *insluiting* beteken dat indien iets 'n *affodil* is, dit ook

noodwendig 'n *blom* is en indien iets 'n *hond* is, dit ook noodwendig 'n *dier* is. Die woord wat 'n oorkoepelende klas of algemene term (byvoorbeeld *soogdier*) benoem, heet die superordinaat en die woorde wat die ingeslote klas (soos *hond*) benoem, heet hiponieme of subordinate. Die betekenis van die superordinaat is dus meer algemeen en die betekenis van die hiponiem(e) meer spesifiek, aldus Bosman en Pienaar (2014: 264). Murphy (2016: 443) wys egter op ons sinmaak van hiponimie as 'n paradigmatiese "soortvan"-verhouding, byvoorbeeld alle *professore* is *soogdiere*, maar die uiting "alle professore is soogdiere" kan as 'n vreemde uiting ervaar word.

Bosman en Pienaar (2014: 264) meld dat die voorbeelde wat gewoonlik gebruik word om die betrekking van hiponimie aan te dui, selfstandige naamwoorde is, maar in 'n WordNet-analise van werkwoorde is bevind dat veral die betrekking van insluiting en troponimie gebruik word. As voorbeeld word die werkwoorde *snork* en *slaap* genoem, waar daar 'n verhouding van insluiting voorkom: As jy snork, hou dit in dat jy slaap. *Neurie* is ook 'n voorbeeld van *sing* (Bosman en Pienaar 2014: 264).

Hiponimie is een van die leksikale betrekkinge wat in 'n tesourus aangedui word en in die voorwerk van GT en TA word dit pertinent genoem. Spesifieke hiponimiese betrekkinge word nie aangedui nie. In die tesourus word daar geen leiding aan die gebruiker verskaf ten opsigte van hiponimiese betrekkinge tussen leksikale items nie. Voorbeelde uit GT en TA word ter illustrasie bespreek.

In die geval van die artikel 363 *Waterdier* kan *amfibie* in die eerste plek as 'n sinoniem beskou word, maar dit kan ook as subordinaat van die superordinaat *waterdier* in GT dien. Die volgende subafdelings van die lemma *waterdier* kan almal as subordinate van die hiponiem *waterdier* beskou word: *manteldier, skulpdier, seekat, seeanemoon, koraal, seewurm, strandluis, vis, varswatervis, seevis* en *watersoogdiere*. Die subafdelings vertak verder in naby-sinonieme van die verskillende subordinate, byvoorbeeld *vis*, wat soos volg lui:

**vis,** seevis, pelagiese vis, varswatervis, beenvis, kraakbeenvis, roofvis, eetvis, hengelvis, lynvis, sportvis; vin, stekelvin, rugvin, eerste rugvin, dorsale vin, tweede rugvin, stert, stertvin, anaalvin, buikvin, borsvin, sylyn, kieu, kief, brangieë (*meervoud*), kieudeksel, kiefdeksel, kieuspleet, kieuboog, kieudraad, kieukammetjie, kieuhark, halfkieu, asemhalingsgat (walvis), spuitgat, skub, grom (ingewande), graat, visbeentjie

**Figuur 7:**   vis, uittreksel uit *Groot Tesourus van Afrikaans* (artikel verkort)

Die eerste 11 inskrywings kan as naby-sinonieme van die woord *vis* beskou word en die volgende inskrywings, geskei deur 'n kommapunt, eerder as dele van 'n vis se anatomie. Daar word nie duidelike kontekstuele leiding ten opsigte van die hiponimiese betrekking tussen die leksikale items in die artikel, maar

ook in ander artikels, byvoorbeeld *vissery* en *seekos*, aan die gebruiker verskaf nie. Daar is ook nie 'n verwysing na die uitdrukking *nóg vis, nóg vlees*, wat onder die artikel *bestaanswyse* voorkom, nie. Die volledige netwerk van semantiese betrekkinge tussen die leksikale items word dus nie vir die gebruiker duidelik nie.

Die artikel van 363 *Waterdier* in TA sien soos volg daaruit:



**363. Waterdier**
**s.nw.**
*waterdier*, amfibie
*vis*, seevis, soutwatervis, pelagiese vis, varswatervis, soetwatervis, beenvis, kraakbeenvis, roofvis, eetvis, hengelvis, lynvis, sportvis, vingerling; vin, stekelvin, rugvin, eerste rugvin, dorsale vin, tweede rugvin, stert, stertvin, anaalvin, buikvin, borsvin, sylyn, kieu, kief, brangieë (*meervoud*), kieudeksel, kiefdeksel, kieuspleet, kieuboog, kieudraad, kieukammetjie, kieuhark, halfkieu, asemhalingsgat (walvis), spuitgat (walvis), neusgat (walvis), skub, grom (ingewande), graat, visgraat, visbeentjie
*seevis*, blaasop, blaasoppie, baardman, belman, biskop, witbiskop, mosselkraker, sandbloue, beenbek, poenskop, dassie, kolstert, glasvis, heilbot, jakopewer, knorhaan, leervis, marlyn, bottervis, pampelmoes, pompelmoes, selakant, panga, dikbekkie, platvis, spiering, seeperdjie, springer, tienponder, stompneus, strepie, mooinooientjie, skol, varkbek, varkie, wildeperd, bontrok, loodsvis, seepaling, slangaal; eetvis, ansjovis, moggel, baars, briekwabaars, aartappelbaars, elf, galjoen, bandgaljoen, bastergaljoen, kraaibek, knorder, gespikkelde knorder, spiesknorder, grys knorder, geelbek, Kaapse salm, harder, suidelike harder, haring, haringvis, hottentotsvis, jandorie, geelstert, albakoor, halfkoord, tuna, geelvintuna, langvintuna, streeppenstuna, kabeljou, stompneuskabeljou, snapperkabeljou, kob, daga, kleinkabeljou, nondi, klipkabeljou, katonkel, knorhaan, koningvis, koningklipvis, koningklip, dorado, makriel, marsbanker, masbanker, pelser, sardyn, sardien, sardientjie, roman, rooi roman, rooibaardman, rooiharder, salm, baber, seebaber, wit seebaber, silwervis, doppie, skelvis, skotsman, slimjannie, snoek, steenbras, witsteenbras, rooisteenbras, tjortjor, varkie, janbruin, blouoog, tambryn, biskop, daeraad, steentjie, stokvis, stompneus, witstompneus, rooistompneus, tarbot, tong, tongvis; roofvis, kabeljou, marlyn, pylstert, pylstertvis, elektriese pylstert, rog, manta, vleet, vioolhaai, vioolvis, seeduiwel, saagvis, swaardvis, seilvis, monnikvis, barrakuda, kapteinvis, snoek, haai, withaai, grootwithaai, witdoodshaai, walvishaai, zambezihaai, duisterhaai, kortvin-mako, tierhaai, skeurtandhaai, blouvinhaai, vaalhaai, spierhaai, koeihaai, seskiefhaai, sebrahaai, hamerhaai, hamerkophaai, koperhaai, makohaai, tonynhaai, sandhaai, gevlekte sandhaai, sandkruiper, aashaai, seehond, hondshaai, see-engel, engelvis, seepaling, snoekpaling, heuningkoek-bontpaling, sidderaal, lamprei, prikvis; getypoelvis, klipvis, dikkop, band-dikkop, blennie, kamkopblennie, suigvis, klipsuier; jellievis, kwal, drilvis, ribkwal, seekwal, medusa, bloublasie
*varswatervis*, baars, stekelbaars, baber, barber, brasem, forel, salmforel, geelvis, karper, ghieliemientjie, slymvis, paling, rivierpaling, goudvis, goudvissie, pirana
*manteldier*, ongewerwelde seedier, rooi-aas, palprooi-aas
*amfibie*, amfibiese dier, padda, kikvors, paddavis, skurwepadda, brulpadda, reënpadda, groot reënpadda, janblom, donderpadda, blaasop, salamander, salmander, platanna
*skulpdier*, mollusk, weekdier, ongewerwelde, ongewerwelde dier, slak 361, waterslak, seeslak, wulk, porseleinslak; naakslak; kauri, kouri, kourie, kinkhoring, nautilus, papiernautilusskulp, keëlskulp, marginaskulp, ploegskulp, ramshoringskulp, borrelvlotskulp, gesiggieskulp, kiton; alikreukel, tolskulp, tulbandskulp; oester, oesterskulp, katoog, mossel, hardedopmossel, sagtedopmossel, klipmossel, valsklipmossel, witmossel, swartmossel, kammossel, venusmossel, gapermossel, pypmossel, sleutelgatmossel, pantoffelmossel; perlemoen, perlemoer, klipkous, siffie, neriet
*seekat*, agarm, oktopus, inkvis, tjokka
*seeanemoon*, aktinie, seeroos, seekastaiing, seekomkommer, seester, slangster, veerster

**Figuur 8:**  waterdier, uittreksel uit *Tesourus van Afrikaans* (aanlyn weergawe) (artikel verkort)

By nadere ondersoek blyk dit dat die artikel hersien is, met 12 subordinate wat gelys word. Die sinoniem *amfibie* is bygevoeg en die volgorde het verander na *vis, seevis, varswatervis, manteldier, amfibie, skulpdier, seekat, seeanemoon, koraal, seewurm, strandluis* en *watersoogdiere.* Die nuwe volgorde van verskillende kategorieë vissoorte kan as 'n verbetering beskou word deurdat dit semantiese konsepte wat nader aan mekaar is en meer natuurlik op mekaar volg na aan mekaar geplaas is. Ter illustrasie van die verbetering kan *vis*, wat as hiponiem vir die volgende optree, verder ontleed word: *seevis, soutwatervis, pelagiese vis, varswatervis, soetwatervis, beenvis, kraakbeenvis, roofvis, eetvis, hengelvis, lynvis, sportvis, vingerling.* 'n Kommapunt skei die volgende inskrywing wat eerder 'n deel-van-verhouding uitbeeld, naamlik *vin, stekelvin, rugvin, eerste rugvin, dorsale vin, tweede rugvin, stert, stertvin, anaalvin, buikvin, borsvin, sylyn, kieu, kief, brangieë (*meervoud*), kieudeksel, kiefdeksel, kieuspleet, kieuboog, kieudraad, kieukammetjie, kieuhark, halfkieu, asemhalingsgat (walvis), spuitgat (walvis), neusgat (walvis), skub, grom (ingewande), graat, visgraat, visbeentjie.* Hierdie artikel lys dus eerder hiponimiese betrekkinge tussen woorde as sinonimiese betrekkinge. Konteksleiding ontbreek egter om 'n volledige oordrag van semantiese betrekkinge tussen woorde te illustreer.

Verdere voorbeelde van hiponimie-artikels is *soogdier, reptiel, voël, oerdier, insek, groenteverbouing, vrugteverbouing* en hul subordinate. Die leksikograaf kan beter leiding verskaf deur van 'n tipografiese konvensie, wat in die toeligtende aantekeninge aan die gebruiker verduidelik word, gebruik te maak om 'n hiponimiese betrekking aan te dui.

Tot dusver was die onderwerp van bespreking die bestaan van semantiese betrekkings tussen leksikale items, met verwysing na woordeboekstrukture soos die sentrale teks, klassifikasieplan en indeks. Daar is deurgaans na die elektroniese weergawe van TA verwys sonder verdere bespreking daarvan, en in die volgende afdeling is die fokus op semantiese betrekkinge en woordeboekstrukture in die elektroniese weergawe.

## 4.     Woordeboekstrukture en semantiese betrekkinge in die elektroniese tesourus

Leksikografie bly geensins onaangeraak deur verskeie uitvindings en ontwikkeling op tegnologiese gebied nie, soos tereg deur verskillende navorsers opgemerk. Fuertes-Olivera en Tarp (2020: 258) wys onder andere op die invloed van nuwe tegnologie op alle aspekte van die leksikografie, naamlik vanaf empiriese databronne vir die insameling, verwerking en stoor van data tot die aanbieding daarvan vir eindgebruikers. Klosa en Gouws (2015: 143) bespreek 'n teoretiese basis vir die aanbieding van data aan eindgebruikers met verwysing na woordeboekstrukture, spesifiek buitetekste, in die elektroniese woordeboeke. Volgens Gouws (2014; 2014a) is dit noodsaaklik vir die suksesvolle aanpassing van 'n algemene teorie vir leksikografie om medium-onspesifiek te word en aan die behoeftes van die praktyk van aanlyn woordeboeke te voldoen sodat vol-

doende aandag geskenk word aan verskillende woordeboekstrukture relevant vir aanlyn woordeboeke. Klosa en Gouws (2015: 143) ondersoek buitetekste in elektroniese woordeboeke deur dit met buitetekste in gedrukte woordeboeke te vergelyk en die dataverspreidingstruktuur in gedrukte en elektroniese woorde- boeke te vergelyk, en tref 'n onderskeid tussen woordeboek-interne en woorde- boek-eksterne buitetekste. In die navorsing word daar na verskillende buitetekste in elektroniese woordeboeke (gebruikersgidse, aanwysers na woordeboekinhoud en taalspeletjies) verwys (Klosa en Gouws 2015: 143). Teoretiese insigte uit laas- genoemde artikel word vervolgens op strukture in die elektroniese tesourus toegepas.

Aangesien woordeboeke as houers van inligting beskou word en uit verskil- lende tekstipes bestaan, word nie net die sentrale woordelys in die aanbied van leksikografiese data in gedrukte woordeboeke benut nie (Klosa en Gouws 2015: 146). Voorwerk- en agterwerktekste word ook gebruik om die ware doel van 'n woordeboek te verwesenlik en die artikelstruktuur van 'n gedrukte woordeboek bestaan uit verskillende komponente, naamlik tekssegmente, kommentaar en soeksones (Klosa en Gouws 2015: 146).

Die gedrukte TA kan as 'n politoeganklike woordeboek beskou word, aan- gesien dit oor meer as een toegangstruktuur en soekroete beskik. Dit beskik oor drie tematies geordende toegangstrukture, te wete die inhoudsopgawe, die klassifikasieplan en die sentrale teks, asook 'n inisieel-alfabetiese toegangstruk- tuur.

Die inhoudsopgawe lys die verskillende konsepkategorieë waarin die tesourus verdeel is, asook die 10 hoofkategorieë. Naas die hoofkategorieë word die konsepnommers verskaf en by die konsepkategorieë word die spesifieke konsepnommer asook die bladsynommer verskaf. Alhoewel die inhoudsop- gawe as deel van die toegangstruktuur beskou moet word, gaan die gebruiker dit nie as 'n soekroete vir die inwinning van kitsinligting gebruik nie, tensy die gebruiker al die lemmas onder 'n spesifieke konsepkategorie wil naslaan, aan- gesien die verskillende lemmas wat in die makrostruktuur voorkom nie gelys word nie. Die inhoudsopgawe vorm nie deel van die elektroniese weergawe van TA nie en dit sal nie funksioneel wees om dit deel te maak daarvan nie, aangesien die gebruiker leksikale items deur middel van 'n soekblok naslaan.

Die tweede tematies geordende toegangstruktuur van TA is 'n klassifika- sieplan. Daarin word die verskillende hoofkategorieë genommer, die konsep- kategorieë met hoofletters genommer en die verskillende lemmas genommer. Verdere tematiese indelings onder die konsepkategorieë word gemaak en met kleinletters genommer. Die klassifikasieplan dien as 'n uiteensetting van die konseptuele raamwerk van die woordeboek en die gebruiker kry die verskil- lende konsepkategorieë en onderafdelings wat in die woordeboek voorkom. Dit vorm tans nie deel van die elektroniese weergawe van TA nie, maar die skrywer beskou dit wel as 'n funksionele buiteteks. Dit kan as funksioneel beskou word vir die eiesoortige aard van die tesourus, aangesien ondersteu- ning vir die identifisering van 'n netwerk van semantiese betrekkings tussen

leksikale items en konsepte aan die gebruiker verleen kan word. Hierdie toe-gangstruktuur kan as 'n soekroete deur die gebruiker gebruik word om 'n arti-kel na te slaan, aangesien die nommer van die artikel verskaf word en 'n elek-troniese soektog so moontlik kan wees.

Die tweede tipe toegangstruktuur van TA is 'n inisieel-alfabetiese een. Aangesien tesourusse nie 'n tradisionele alfabetiese toegangstruktuur het wat as 'n maklike soekroete vir inligting dien nie, het TA 'n gebruikersgerigte hulp-middel, naamlik 'n alfabeties geordende indeks. Die indeks vorm nie deel van die elektroniese weergawe van TA nie en dit sal nie funksioneel wees om dit deel daarvan te maak nie, aangesien die gebruiker leksikale items deur middel van 'n soekblok naslaan. Met behulp van 'n soekveld bereik die gebruiker 'n artikel in die sentrale teks van die elektroniese weergawe. Vergelyk figuur 9 hier onder.



**Figuur 9:**  Soekblok van PharosAanlyn wat toegang tot *Tesourus van Afrikaans* bied

Volgens die soekblok in die elektroniese weergawe is daar drie opsies waarmee jou soektog aangepas kan word, naamlik *Soek vir: Enige van hierdie woorde, Al hierdie woorde* of *Presiese frase.* Die soekblok beklee 'n prominente posisie in die middel van die bladsy en die gebruiker weet presies waar om 'n leksikale item na te slaan. Volgens Klosa en Gouws (2015: 163) blyk inleidende aantekeninge oor die gebruik van 'n woordeboek onnodig te wees, maar 'n prominente soek-veld is belangrik. Dieselfde geld navigasie binne die sentrale teks, waar gebrui-kers in die meeste gevalle weet hoe om deur lang artikels te navigeer en hiper-skakels te gebruik. Die voorwoord en inleidende artikel oor die aard en gebruik

van die tesourus is aanwesig in die elektroniese weergawe, maar slegs indien daar pertinent 'n soektog daarna uitgevoer word. Dit is dus een van die buitetekste wat as oortollig beskou kan word in 'n elektroniese weergawe.

Met ondersoek blyk dit dat die sentrale teks van TA identies is aan die elektroniese teks. 'n Sentrale teks in elektroniese formaat bied baie leksikografiese moontlikhede wat tot voordeel van die gebruiker aangepas kan word. Met die fokus op meer kontekstuele leiding rakende die verskaffing van 'n semantiese netwerk van konsepte en betekenisbetrekkinge tussen leksikale items, kan leksikografiese vernuwing op twee wyses plaasvind. Eerstens kan onderskeid tussen verskillende semantiese betrekkinge (sinonimie, hiponimie) getref word deur hiperskakels na ander verwante artikels in te voeg. Aangesien die tesourus deel vorm van die aanlynwoordeboekportefeulje van Pharos (en dus ook 'n verklarende woordeboek), kan hiperskakels na betekenisverklarings ingevoeg word. Sodoende kan kontekstuele leiding verskaf word vir die tans slegs gelyste items in 'n tesourus. Die moontlikhede met hiperskakels is eindeloos en die uitgewer kan skakels na die Afrikaanse WordNet of ander nuttige webwerwe oorweeg.

Tweedens word 'n soektog wat meer gerig is op die semantiese betrekkinge tussen leksikale items in die elektroniese tesourus voorgestel. Soektogte om die samehang in die leksikon te kontekstualiseer, kan uitgebrei word. Die skrywer stel dus vrae soos volg in die soekveld voor:

*Wat is 'n sinoniem van X?*
*Wat is 'n hiponiem van X?*
*Wat is subordinate van X?*
*Wat is die teenoorgestelde van X?*

Met die gebruik van bogenoemde vrae kan die sentrale teks se data gebruik word vir spesifieke soektogte wat semantiese betrekkings insluit en meer eenduidige antwoorde op 'n gebruiker se moontlike vrae verskaf. Die manier waarop leksikale items tans in die sentrale teks gelys word, maak dit nie vir die gebruiker moontlik om te onderskei watter leksikale items nie onderling vervangbaar is nie, en sodoende kan die samehang in die leksikon vir die gebruiker gekontekstualiseer word.

## 5.    Gevolgtrekking

Kay en Alexander (2016: 380) skets 'n rooskleurige prentjie van die toekomstige waarde van 'n elektroniese tesourus teen die agtergrond van die tegnologiese integrasie van 'n databasis. Tegnologiese ontwikkeling op leksikografiese gebied sluit onder andere die gebruik van 'n tesourus as databasis in, waar 'n gebruiker nie meer van 'n alfabetiese toegangstruktuur gebruik maak om inligting te bekom nie. Die voordele van 'n tesourus, waar leksikale items volgens semantiese betrekkinge gerangskik word, is aansienlik meer aantreklik as alfabetiese

ordening in 'n tradisionele gedrukte woordeboek (Kay en Alexander 2016: 380). Kay en Alexander (2016: 380) beskou 'n tesourusformaat as 'n voorbeeld van naatlose integrasie in die digitale era vir gebruikersgerigtheid en voorspel dat die oudste vorm van leksikografie en die dominate vorm voor die koms van alfabetisering weereens dominant in die postdruk- digitale toekoms sal wees.

Fuertes-Olivera en Tarp (2020: 257) se waarneming is dat leksikografiese produkte nie meer woordeboeke par excellence is nie, maar wel leksikografiese data wat óf in woordeboekformaat óf deur 'n verskeidenheid van hulpmiddels, platforms en dienste aan 'n gebruiker verskaf word. Hulle beskryf die funksionaliteite van 'n digitale skryfassistent as voorbeeld van so 'n hulpmiddel en hoe 'n databasis daarvoor saamgestel kan word (Fuertes-Olivera en Tarp 2020: 257). TA beskik reeds oor 'n elektroniese databasis en kan moontlik vir 'n digitale skryfassistent in Afrikaans aangepas word. TA vorm reeds deel van die aanlyn platform vir Pharos se leksikografiese produkte en is dus goed geposisioneer om 'n sekondêre produk van die tesourus te skep, wat aansluit by die idee van volhoubare leksikografie (Colman 2016: 141).

Aansluitend by die verskaffing van 'n diens aan gebruikers in die digitale omgewing, is die voorkoms van leksikovermaak as buiteteks, soos deur Klosa en Gouws (2015: 164) beskryf. Leksikovermaak verwys onder andere na 'n verskeidenheid taalspeletjies en onderrigmateriaal wat in gedrukte formaat of op 'n interaktiewe wyse gebruik kan word (Klosa en Gouws 2015: 164). Tans is 'n "Woord van die week", 'n "Spreekwoord" en "Het jy geweet?" as leksikovermaak op die Pharos-platform beskikbaar. Daar bestaan egter 'n leemte in die leksikovermaak rakende tesourusgebruik en die skrywer stel 'n fokus op inligting oor semantiese betrekkings tussen leksikale items vir leksikovermaak voor. Inligting rakende betrekkinge van sinonimie, hiponimie en teenoorgesteldheid kan op 'n opvoedkundige, vermaaklike en interaktiewe wyse aan die gebruiker gebied word ten einde die gebruik van 'n tesourus op die voorgrond te plaas.

## Eindnote

1. Doelbewuste verwysing, op grond van die hegte (ook akademiese) vriendskap met die persoon aan wie die bundel opgedra word.
2. Doelbewuste verwysing, op grond van die persoonlike en akademiese vriendskap met die persoon aan wie die bundel opgedra word.

## Bibliografie

### Woordeboeke

**De Stadler, L.G. en A. de Stadler.** 1994. *Groot Tesourus van Afrikaans*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

**De Stadler, L.G. en A. de Stadler.** 2021. *Tesourus van Afrikaans*. Kaapstad: Pharos (aanlyn).

**Luther, J., F. Pheiffer en R.H. Gouws.** 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT). Sesde uitgawe. Kaapstad: Pearson Education.


### Ander bronne

**Bosman, N. en M. Pienaar.** 2014. Afrikaanse semantiek. Carstens, W.A.M. en N. Bosman (Reds.). 2014: 245-273.

**Carstens, W.A.M. en N. Bosman (Reds.).** 2014. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde.* Pretoria: Van Schaik.

**Colman, L.** 2016. Sustainable Lexicography: Where to Go from Here With the ANW (*Algemeen Nederlands Woordenboek*, an Online General Language Dictionary of Contemporary Dutch)? *International Journal of Lexicography* 29(2): 139-155.

**De Stadler, L.G.** 2022. Navraag oor tesourus. E-poskommunikasie, 10 November.

**Durkin, P. (Red.).** 2016. *The Oxford Handbook of Lexicography*. Oxford: Oxford University Press.

**Fuertes-Olivera, P.A. en S. Tarp.** 2020. A Window to the Future: Proposal for a Lexicography-assisted Writing Assistant. *Lexicographica* 36(2020): 257-286.
    Beskikbaar: https://doi.org/10.1515/lex-2020-0014 [2 Desember 2022].

**Gao, J. en H. Liu.** 2019. Valency and English Learners' Thesauri. *International Journal of Lexicography* 32(3): 326-361.
    Beskikbaar: https://doi: 10.1093/ijl/ecy025/ [2 Desember 2022].

**Gouws, R.H.** 2014. Article Structures: Moving from Printed to e-Dictionaries. *Lexikos* 24: 155-177.

**Gouws, R.H.** 2014a. Makrostruktuuraanpassings vanaf gedrukte na e-woordeboeke. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 54(3). 481-504.

**Gouws, R.H.** 2017. Van tematiese na alfabetiese na tematiese ordening in woordeboeke — wisselwerking tussen teorie en praktyk. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus* 53: 133-148.
    Beskikbaar: https://doi:10.5842/53-0-737 [2 Desember 2022].

**Hartmann, R.R.K.** 2005. *Teaching and Researching Lexicography*. Beijing: Foreign Language Teaching and Research Press.

**Hartmann, R.R.K. en G. James (Reds).** 2000. *Dictionary of Lexicography*. Beijing: Foreign Language Teaching and Research Press.

**Hausmann, F.J. et al. (Reds.).** 1989–1991. *Worterbücher, Dictionaries, Dictionnaires. An International Encyclopedia of Lexicography.* Berlyn: Walter de Gruyter.

**Hüllen, W.** 2006. Roget's Thesaurus, 1852 to 2002. *Lexicographica* 21(2005, 2006): 71-82.
    Beskikbaar: https://doi.org/10.1515/9783484604742.71 [2 Desember 2022].

**Kay, C. en M. Alexander.** 2016. Diachronic and Synchronic Thesauruses. Durkin, P. (Red.). 2016: 367-392.

**Kilgarriff, A. en C. Yallop.** 2000. What's in a Thesaurus? *Proceedings of the Second International Conference on Language Resources and Evaluation (LREC'00), May 2000, Athens, Greece.* European Language Resources Association (ELRA): 1371-1379.
    Beskikbaar: https://aclanthology.org/L00-1134/ [26 April 2022].

**Klosa, A. en R.H. Gouws.** 2015. Outer Features in e-Dictionaries / Außentexte in Online-Wörterbüchern / Caractéristiques extérieures dans les dictionnaires en ligne. *Lexicographica* 31(1): 142-172.
    Beskikbaar: https://doi.org/10.1515/lexi-2015-0008 [2 Desember 2022].

**Knappe, G.** 2013. Phrasal and Phraseological Synonymy in the *Historical Thesaurus of the Oxford English Dictionary. International Journal of Lexicography* 26(3): 305-328.

**Lyons**, **J.** 1977. *Semantics: Volume 2*. Cambridge: Cambridge University Press.

**Marello, C.** 1989. The Thesaurus. Hausmann, F.J. et al. (Reds.). 1989**–**1991: 1083-1094.

**Murphy, M.L.** 2013. What We Talk about When We Talk about Synonyms. *International Journal of Lexicography* 26(3): 279-304.

**Murphy, M.L.** 2016. Meaning Relations in Dictionaries: Hyponymy, Meronymy, Synonymy, Antonymy, and Contrast. Durkin, P. (Red.). 2016: 439-456.

**Peters, W. en A. Kilgarriff.** 2000. Discovering Semantic Regularity in Lexical Resources. *International Journal of Lexicography* 13(4): 287-312.

**Van Schalkwyk, C.** 1996. Resensie: De Stadler, L.G. en Amanda de Stadler. *Groot Tesourus van Afrikaans. Lexikos* 6: 283-293.

**Vos, I.L.** 1994. Resensie: Harteveld, P. (Red.), L.G. de Stadler en D.C. Hauptfleisch. *Woordkeusegids: 'n Kerntesourus van Afrikaans. Lexikos* 4: 305-307.

**Wiegand, H.E.** 2002. Über textuelle Strukturen der Wörterbuchartikel und Artikelnischen im *de Gruyter Wörterbuch Deutsch als Fremdsprache*. Zugleich ein Betrag zur Weiterentwicklung einer Theorie der Wörterbuchform. Wiegand, H.E. (Red.). 2002a: 497-595.

**Wiegand, H.E. (Red.).** 2002a. *Perspektiven der pädagogischen Lexikographie des Deutschen II. Untersuchungen anhand des* de Gruyter Wörterbuchs Deutsch als Fremdsprache. Lexicographica. Series Maior 110. Tübingen: Max Niemeyer.

**Wiegand, H.E.** 2003. Überlegungen zur Typologie von Wörterbuchartikeln in Printwörterbüchern. Ein Betrag zur Theorie der Wörterbuchform. *Lexicographica* 19: 169-313.

**Wiegand, H.E.** 2005. Angaben, funktionale Angabezusätze, Angabetexte, Angabestrukturen, Strukturanzeiger, Kommentare und mehr. Ein Betrag zur Theorie der Wörterbuchform. *Lexicographica* 21: 202-379.

**Zgusta, L.** 1971. *Manual of Lexicography.* Den Haag: Mouton.

# VOORSKRIFTE AAN SKRYWERS

(*Tree asseblief met ons in verbinding (lexikos@sun.ac.za) vir 'n uitvoeriger weergawe
van hierdie instruksies of besoek ons webblad:* http://lexikos.journals.ac.za/)

## A. REDAKSIONELE BELEID

### 1. Aard en inhoud van artikels
Artikels kan handel oor die suiwer leksikografie of oor impli-kasies wat aanverwante terreine, bv. linguistiek, algemene taalwetenskap, terminologie, rekenaarwetenskap en bestuurs-kunde vir die leksikografie het.

Bydraes kan onder enigeen van die volgende rubrieke geklassifiseer word:

(1) **Artikels:** Grondige oorspronklike wetenskaplike navor-sing wat gedoen en die resultate wat verkry is, of bestaande navorsingsresultate en ander feite wat op 'n oorspronklike wyse oorsigtelik, interpreterend, vergelykend of krities evalu-erend aangebied word.

(2) **Resensieartikels:** Navorsingsartikels wat in die vorm van 'n kritiese resensie van een of meer gepubliseerde weten-skaplike bronne aangebied word.

Bydraes in kategorieë (1) en (2) word aan streng anonieme keuring deur onafhanklike akademiese vakgenote onder-werp ten einde die internasionale navorsingsgehalte daarvan te verseker.

(3) **Resensies:** 'n Ontleding en kritiese evaluering van gepu-bliseerde wetenskaplike bronne en produkte, soos boeke en rekenaarprogramme.

(4) **Projekte:** Besprekings van leksikografiese projekte.

(5) **Leksikonotas:** Enige artikel wat praktykgerigte inligting, voorstelle, probleme, vrae, kommentaar en oplossings betref-fende die leksikografie bevat.

(6) **Leksikovaria:** Enigeen van 'n groot verskeidenheid arti-kels, aankondigings en nuusvrystellings van leksikografiese verenigings wat veral vir die praktiserende leksikograaf van waarde sal wees.

(7) **Ander:** Van tyd tot tyd kan ander rubrieke deur die redaksie ingevoeg word, soos Leksikoprogrammatuur, Leksi-ko-opname, Leksikobibliografie, Leksikonuus, Lexikofokus, Leksiko-eerbewys, Leksikohuldeblyk, Verslae van konferen-sies en werksessies.

Bydraes in kategorieë (3)-(7) moet almal aan die eise van aka-demiese geskrifte voldoen en word met die oog hierop deur die redaksie gekeur.

### 2. Wetenskaplike standaard en keuringsprosedure
*Lexikos* is deur die Departement van Hoër Onderwys van die Suid-Afrikaanse Regering as 'n gesubsidieerde, d.w.s. in-komstegenererende navorsingstydskrif goedgekeur. Dit ver-skyn ook op die *Institute of Science Index* (ISI).

Artikels sal op grond van die volgende aspekte beoordeel word: taal en styl; saaklikheid en verstaanbaarheid; pro-bleemstelling, beredenering en gevolgtrekking; verwysing na die belangrikste en jongste literatuur; wesenlike bydrae tot die spesifieke vakgebied.

Manuskripte word vir publikasie oorweeg met dien ver-stande dat die redaksie die reg voorbehou om veranderinge aan te bring om die styl en aanbieding in ooreenstemming met die redaksionele beleid te bring. Outeurs moet toesien dat hulle bydraes taalkundig en stilisties geredigeer word voordat dit ingelewer word.

### 3. Taal van bydraes
Afrikaans, Duits, Engels, Frans of Nederlands.

### 4. Kopiereg
Nóg die Buro van die WAT nóg die African Association for Lexicography (AFRILEX) aanvaar enige aanspreeklikheid vir eise wat uit meewerkende skrywers se gebruik van materiaal uit ander bronne mag spruit.

Outeursreg op alle materiaal wat in *Lexikos* gepubliseer is, berus by die Direksie van die Woordeboek van die Afri-kaanse Taal. Dit staan skrywers egter vry om hulle materiaal elders te gebruik mits *Lexikos* (AFRILEX-reeks) erken word as die oorspronklike publikasiebron.

### 5. Oorspronklikheid
Slegs oorspronklike werk sal vir opname oorweeg word. Skrywers dra die volle verantwoordelikheid vir die oor-spronklikheid en feitelike inhoud van hulle publikasies. Indien van toepassing, moet besonderhede van die oor-sprong van die artikel (byvoorbeeld 'n referaat by 'n kongres) verskaf word.

### 6. Gratis oordrukke en eksemplare
*Lexikos* is sedert volume 28 slegs elektronies beskikbaar op http://lexikos.journals.ac.za. Geen oordrukke of eksemplare is dus beskikbaar nie.

### 7. Uitnodiging en redaksionele adres
Alle belangstellende skrywers is welkom om bydraes vir opname in *Lexikos* te lewer en verkieslik in elektroniese formaat aan die volgende adres te stuur: lexikos@sun.ac.za, of Die Redakteur: LEXIKOS, Buro van die WAT, Pos-bus 245, 7599 STELLENBOSCH, Republiek van Suid-Afrika.

## B. VOORBEREIDING VAN MANUSKRIP
Die manuskrip van artikels moet aan die volgende redaksio-nele vereistes voldoen:

### 1. Lengte en formaat van artikels
Manuskrip moet verkieslik in elektroniese formaat per e-pos of op rekenaarskyf voorgelê word in sagteware wat ver-soenbaar is met MS Word. Die lettersoort moet verkieslik 10-punt Palatino of Times Roman wees. Bydraes moet verkieslik nie **8 000 woorde** oorskry nie.

Elke artikel moet voorsien wees van 'n **opsomming** van ongeveer 200 woorde en ongeveer 10 **sleutelwoorde** in die taal waarin dit geskryf is, sowel as 'n opsomming en sleutel-woorde **in Engels**. Engelse artikels van Suid-Afrikaanse oorsprong moet 'n opsomming en sleutelwoorde in Afrikaans hê, terwyl Engelse artikels van buitelandse oorsprong 'n tweede opsomming en sleutelwoorde in enigeen van die aan-geduide tale mag gee. As die outeur dit nie doen nie, sal die redaksie 'n Afrikaanse vertaling voorsien. Maak seker dat die opsomming in die tweede taal ook 'n **vertaling van die oor-spronklike titel** bevat.

### 2. Grafika
Figure, soos tabelle, grafieke, diagramme en illustrasies, moet in 'n gepaste grootte wees dat dit versoen kan word met die bladspieël van *Lexikos*, naamlik 18 cm hoog by 12 cm breed. Die plasing van grafika binne die teks moet duidelik aange-dui word. Indien skryftekens of grafika probleme oplewer, mag 'n uitdruk van die manuskrip of 'n e-pos in .pdf-formaat aangevra word.

### 3. Bibliografiese gegewens en verwysings binne die teks
Kyk na onlangse nommers van *Lexikos* vir meer inligting. Buiten in spesiale gevalle moet verwysings na *Lexikos*-artikels tot twee of drie per artikel beperk word. Uitsonde-rings moet met die redakteur van *Lexikos* uitgeklaar word. Dít word gedoen om die status van *Lexikos* in verskeie internasionale indekse te behou.

### 4. Aantekeninge/voetnote/eindnote
Aantekeninge moet deurlopend in die vorm van boskrifte genommer en aan die einde van die manuskrip onder die opskrif **Eindnote** gelys word.

# INSTRUCTIONS TO AUTHORS

*(For a more detailed version of these instructions, please contact us (lexikos@sun.ac.za)*
*or refer to our website:* http://lexikos.journals.ac.za/)

## A. EDITORIAL POLICY

### 1. Type and content of articles

Articles may treat pure lexicography or the implications that related fields such as linguistics, general linguistics, terminology, computer science and management have for lexicography.

Contributions may be classified in any one of the following categories:

(1) **Articles:** Fundamentally original scientific research done and the results obtained, or existing research results and other facts reflected in an original, synoptic, interpretative, comparative or critically evaluative manner.

(2) **Review articles:** Research articles presented in the form of a critical review of one or more published scientific sources.

Contributions in categories (1) and (2) are subjected to strict anonymous evaluation by independent academic peers in order to ensure the international research quality thereof.

(3) **Reviews:** An analysis and critical evaluation of published scientific sources and products, such as books and computer software.

(4) **Projects:** Discussions of lexicographical projects.

(5) **Lexiconotes:** Any article containing practice-oriented information, suggestions, problems, questions, commentary and solutions regarding lexicography.

(6) **Lexicovaria:** Any of a large variety of articles containing announcements and press releases by lexicographic societies which are of particular value to the practising lexicographer.

(7) **Other:** From time to time other categories may be inserted by the editors, such as Lexicosoftware, Lexicosurvey, Lexicobibliography, Lexiconews, Lexicofocus, Lexicohonour, Lexicotribute, Reports on conferences and workshops.

Contributions in categories (3)-(7) must all meet the requirements of academic writing and are evaluated by the editors with this in mind.

### 2. Academic standard and evaluation procedure

The Department of Higher Education of the South African Government has approved *Lexikos* as a subsidized, i.e. income-generating research journal. It is also included in the *Institute of Science Index* (ISI).

Articles will be evaluated on the following aspects: language and style; conciseness and comprehensibility; problem formulation, reasoning and conclusion; references to the most important and most recent literature; substantial contribution to the specific discipline.

Manuscripts are considered for publication on the understanding that the editors reserve the right to effect changes to the style and presentation in conformance with editorial policy. Authors are responsible for the linguistic and stylistic editing of their contributions prior their submission.

### 3. Language of contributions

Afrikaans, Dutch, English, French or German.

### 4. Copyright

Neither the Bureau of the WAT nor the African Association for Lexicography (AFRILEX) accepts any responsibility for claims which may arise from contributing authors' use of material from other sources.

Copyright of all material published in *Lexikos* will be vested in the Board of Directors of the Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Authors are free, however, to use their material elsewhere provided that *Lexikos* (AFRILEX Series) is acknowledged as the original publication source.

### 5. Originality

Only original contributions will be considered for publication. Authors bear full responsibility for the originality and factual content of their contributions. If applicable, details about the origin of the article (e.g. paper read at a conference) should be supplied.

### 6. Free offprints and copies

*Lexikos* is only available electronically on http://lexikos. journals.ac.za from volume 28 onward. No offprints or copies are available.

### 7. Invitation and editorial address

All interested authors are invited to submit contributions, preferably in electronic format, for publication in *Lexikos* to: lexikos@sun.ac.za, or

The Editor: LEXIKOS
Bureau of the WAT
P.O. Box 245
7599 STELLENBOSCH, Republic of South Africa

## B. PREPARATION OF MANUSCRIPTS

Manuscripts of articles must meet the following editorial requirements:

### 1. Format and length of articles

Manuscript should preferably be submitted in electronic format by email or on a disk, in software compatible with MS Word. The typeface used should preferably be 10-point Palatino or Times Roman. Contributions should not exceed **8 000 words**.

Each article must be accompanied by **abstracts** of approximately 200 words and approximately 10 **keywords** in the language in which it is written, as well as **in English**. English articles of South African origin should carry an abstract and keywords in Afrikaans, whilst English articles of foreign origin should carry a second abstract and keywords in any of the other languages mentioned. In cases where this is not done, the editors will provide an Afrikaans version. Ensure that the abstract in the second language also contains a **translation of the original title**.

### 2. Graphics

Figures such as tables, graphs, diagrams and illustrations should be in an appropriate size to be well accommodated within the page size of *Lexikos,* namely 18 cm high by 12 cm wide. The locations of figures within the text must be clearly indicated. If orthographic marks or graphics used in the text prove problematic, a printout of the manuscript or an email in .pdf format may be requested.

### 3. Bibliographical details and references in the text

Examine recent issues of *Lexikos* for details. Self-references to *Lexikos* should be limited to two or three per article, except in exceptional circumstances. Exceptions should be cleared with the editor of *Lexikos.* This is done to preserve the status of *Lexikos* in various international indices.

### 4. Notes/footnotes/endnotes

Notes must be numbered consecutively by superscript numbers and grouped together at the end of the manuscript under the heading **Endnotes**.